# Die skrywer en nuwe publikasiekontekste: Interaktiwiteit en wisselwerking in aanlyngemeenskappe – Fanie Viljoen se *Pynstiller* as gevallestudie

**Franci Greyling**

Franci Greyling: Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

***Opsomming***

Die deelnemende kultuur in die Web 2.0-konteks wat interaktiwiteit en wisselwerking tussen veelvuldige lesers moontlik maak, skep 'n eiesoortige dinamiek en nuwe storievertel- en publikasiemoontlikhede. Narratiewe genres wat in hierdie konteks ontstaan, word betekenisvol deur die deelnemende eienskappe van die omringende diskoerskonteks gevorm. Fanie Viljoen se grafiese verhaal *Pynstiller/Painkiller*, met die tema van selfskending onder tieners, is in twee weergawes op twee verskillende platforms en netwerkkontekste gepubliseer, naamlik as deel van 'n Facebook-groep en as selfoonverhaal op Yoza Cellphone Stories. Hierdie artikel beskryf die publikasiekontekste, interaktiwiteit en wisselwerking ten opsigte van die *Pynstiller*-weergawes aan die hand van Ruth Page (2010) se teorie van narratiewe wisselwerking waarin gebruiker-teks-wisselwerking (leser-teks) sowel as die diskoerskonteks van die gebruiker-gebruiker-wisselwerking (leser-leser) in ag geneem word. Dit blyk dat die interaktiwiteit en wisselwerking in die onderskeie diskoersnetwerke unieke kenmerke toon, ongeag dat dieselfde primêre narratief ter sprake is. Die gevolgtrekking is dat die skrywer van die kernnarratief 'n belangrike en selfs bepalende rol in die ontwikkelende narratief kan speel.

**Trefwoorde**: Web 2.0; interaktiwiteit; wisselwerking; aanlyngemeenskappe; Yoza Cellphone Stories; m-romans; Facebook; *Pynstiller*; *Painkiller*; Fanie Viljoen; selfbesering; selfskending

***Abstract***

**The author and new publication contexts: Interactivity and interaction among online communities – Fanie Viljoen's *Pynstiller/Painkiller* as a case study**

The Web 2.0 context, where interactivity and cooperation between multiple readers are possible, creates unique dynamics and narrative forms. For the author the participatory environment offers new narrative and publication possibilities. The need arises for a better understanding of this changing environment, the online interaction and the developing creative forms. Globally there are big differences in terms of available technology, internet

access and user patterns, and therefore it is also necessary to investigate and describe the narrative practices in local contexts.

This article discusses two versions of South African author Fanie Viljoen's graphic novel *Pynstiller/Painkiller*, which were published on two different platforms and network contexts. *Pynstiller* (*Painkiller*) had its origins in a creative and research project with artists' books and practice-based research as its focus. In the project *Transgressions and boundaries of the page* Viljoen adapted his own short story with the theme of self-mutilation among teenagers to a graphic novel. Simultaneously with the remediation of the story Viljoen also established a Facebook group, placed the completed pages on it and started a conversation about the topical theme of self-mutilation. The novel later became available as a cell phone novel (in English and Afrikaans) on Yoza Cellphone Stories, with the graphics adapted to the dimensions of a standard cell phone screen. Yoza cellphone stories can be read on the Yoza mobisite, among others, which also makes provision for readers' comments. The reader responses and interactions that were observed in the different network contexts offer an opportunity to use this work as a case study to examine the dynamics between the author, text, context and reader in online communities in Web 2.0 contexts. Ruth Page's (2010) theory of narrative interaction as explained in her article "Interactivity and interaction: Text and talk in online communities" serves as the theoretical framework for the investigation.

The article is organised in the following sections: (1) contextualisation in terms of the participatory culture in Web 2.0 contexts and Page's theory of narrative interaction; (2) the text and publication contexts of Fanie Viljoen's *Pynstiller/Painkiller*; (3) discussion of Page's theory with application to the interaction and interactivity in the Web 2.0 publication contexts of *Pynstiller/Painkiller*; (4) discussion of observed patterns and conversations in the Facebook Pynstiller group and Yoza Cellphone Stories; (5) conclusion and theory refinement.

Page (2010) argues that the narrative genres that originate in the Web 2.0 context are significantly shaped by the participatory features of the surrounding discourse context. The discursive capacity of Web 2.0 software creates a two-way online environment where storytelling participants are connected with one another and the strings of narrative and comments become interwoven. This environment creates a context similar to that of everyday conversation. The hybrid spoken-written quality of the discourse may be associated with Walter Ong's (1982) concept of secondary orality. Page argues that the analysis of narratives that originate in this context should take into consideration the hybrid nature and the dynamic interaction of the specific narratives. Existing narrative concepts of interactivity with regard to digital narratives focus primarily on the reader-text interaction. The need therefore arises to extend these concepts so that the additional interactions that take place between multiple users when stories are told in online communities are also taken into consideration. Page therefore proposes a methodological integration between literary-theoretical and discourse-analytic traditions that can increase our understanding of narrative interactivity and interaction in the richly varied world of digital narratives. In her framework for narrative interaction Page makes provision for user-text interaction (reader-text) as well as the discourse contexts of user-user interaction (reader-reader).

The publication contexts, observed discourse, activity and interactivity of *Pynstiller/Painkiller* are discussed in terms of this framework. Particular attention is given to the role of the author in the development of the conversational narrative – among other things personal interviews with the author, Fanie Viljoen, were used in this regard. In terms of the user-text interaction, Page (following Ryan) distinguishes between exploratory and ontological interaction. In the case of *Pynstiller/Painkiller* the text itself is the work of Fanie

Viljoen and the narrative was published as a finished story. The reader cannot influence or change the content of the events, and this implies an investigative interaction in terms of the text itself. With regard to user-user interaction, Page (2010:115) identifies three contextual factors that affect reader-reader interaction, namely the mechanisms of interaction (feedback mechanisms), the type of audience involved in the conversation (network characteristics) and the qualities of the narrative being commented upon (narrative characteristics). The combination of user-text interaction and the contextual factors affecting user-user interaction can be combined in open-ended configuration. Page's framework was both usable and applicable for describing and interpreting the *Pynstiller/Painkiller* contexts. It appears that the respective discourses in the two online contexts differ considerably. These differences relate to the feedback mechanisms, network and narrative characteristics and the interaction between them. In addition to this, research by Deumert (2010), Walton (2009) and Vosloo (2010) provided indispensable background on Yoza Cellphone Stories. This emphasised the importance of taking the local context and user patterns in consideration.

The interaction and interactivity that took place on Yoza and on Facebook over a certain period of time were then investigated. For this purpose the comments made in the relevant network contexts were analysed and characteristic patterns and discourses were identified. The use of SMS language, for example, is very apparent on the Yoza mobisite, and is a clear example of spoken-written communication and informal conversation conventions in online communities. Research by Page (2010), Deumert (2010), Walton (2009) and Vosloo (2010) contributed towards understanding the specific discourse contexts. Furthermore, the special attention to the role of the author revealed certain effects of author involvement in the developing narrative. The interactivity and interaction in the respective discourse networks show unique features – despite the fact that the same primary narrative is in question and similar feedback mechanisms are available. The discourse on Yoza was mostly about the format and theme of the experimental m-novel, namely the cell phone version of the graphic novel *Pynstiller/Painkiller*. Reader comments on the mobisite indicate that users see themselves as a network in which various persons and functionaries have a part and where everyone may express an opinion. In this case the author, Fanie Viljoen, was not part of the interaction in the network himself. The readers' comments could, however, have a direct and indirect effect on the author's future work and on the format and genre of m-novels on the particular platform. In the case of the Pynstiller/Painkiller group on Facebook, the author initiated the group and played an important role as facilitator. On this platform a conversation was started about the theme itself, and participants in the conversation made a variety of contributions, including creative work. The group became a space for therapeutic self-expression and online support.

The text and contexts that were discussed offered a view of the publication, reception and online interaction in the South African context. The two publication contexts of *Pynstiller/Painkiller* showed that the author can play an important and even a decisive role in terms of interactivity and interaction concerning the core narrative in online communities. Through creative decisions and performance, the author largely determines the possibilities, nature and extent of reader-text interaction. Moreover, in certain social network contexts – for example, where m-novels are intended for a young audience – certain moderating functions are performed that affect the developing conversation narrative to a lesser or greater extent. Page's framework of narrative interaction can consequently be refined through clear consideration of the role of the author and the moderator.

**Keywords**: Web 2.0; interactivity; interaction; online communities; Yoza Cellphone Stories; m-novels; Facebook; *Pynstiller*; *Painkiller*; Fanie Viljoen; self-harm; self-mutilation

## 1. Inleiding

I

Op 24 Junie 2009 skep Fanie Viljoen[1] 'n Facebook-groep, Pynstiller, en publiseer die eerste bladsye van die grafiese weergawe van sy kortverhaal "Pynstiller" – 'n tienerverhaal met die tema van selfskending.[2] Hy nooi bestaande vriende en aanhangers op ander Facebookprofiele uit om by die groep aan te sluit.[3] Sy verwelkomingsinskrywing word op die muur geplaas:[4]

> Fanie Viljoen: Welkom by pynstiller – as jy jouself sny, of dit in die verlede gedoen het, kan jy hier daarvan vertel. Hoekom doen tieners (en ouer mense) dit? Hoekom hou jy op? Hoe hou jy op? (24 Junie 2009 om 08:50 nm.)

Die eerste reaksie verskyn binne 'n oogwink:

> Charnè Botha: Cool ... Ek wil die boek he ... (24 Junie 2009 om 08:50 nm.)

Drie minute later verskyn Charnè Botha se tweede inskrywing:

> Charnè Botha: Ek sny myself ... Doen dit om te probeer vergeet van dinge wat gebeur het of van iemand wat hulle seer gemaak het en dalk nogsteeds wil ... Ek het probeer ophou maar kry dit nie reg nie ... Gaan goed vir 'n ruk maar as jy jouself weer kry sny jy dieper en al hoe meer om meer bloed tesien en goed te voel dan daarna!!! I guess it's our escape from everything ...
> (24 Junie 2009 om 08:53 nm.)

Enkele minute later verskyn twee opeenvolgende boodskappe wat via 'n selfoon gestuur is:

> Riëtte Benson: Ek sny myself ... Dis asof die seer saam met die bloed uit my sisteem vloei. Vir die oomblik wat dit bloei voel ek vry van die seer in my lewe. Die letsels herinner my aan die seer wat ek al gevoel het, maar ek herinner myself dat dit nou beter is! (24 Junie 2009 om 09:14 nm. deur sellulêr)
> Riëtte Benson: ... en o ja – dis nie so maklik om op te hou nie. Dis soos 'n "pil" teen die pyn ... Partykeer het jy 'n groter dosis nodig want die seer is baie seer ... (24 Junie 2009 om 09:22 nm. deur sellulêr)

36 minute later reageer Charnè Botha:

> Charnè Botha: Stem saam met Riette ... Dammit voel presies so ... (24 Junie 2009 om 09:58 nm.)

II

In November 2010 word *Pynstille*r en ’n Engelse weergawe *Painkiller* as selfoonstories (die sogenaamde m-novels) op Yoza Cellphone Stories (http://www.yoza.mobi) geplaas.

Die eerste vier reaksies op die eerste bladsy van die Engelse teks lees:

> 24 Nov. 2010 1. CherrÃ½(x)Lipz says: I am 0n suspence. . .h3ctic stf [5]
>
> 30 Nov. 2010 2. Yonie.com says: Hw d u get 2 read ths..cz it sounds quite interesting
>
> 1 Dec. 2010 3. (c)Mis+sexy+by+nature(c) says: Ths was quite an amazin story, very touchn i lvd it although it endz confuzn>in tearz< its touchn.:'(
>
> 1 Dec. 2010 4. Lady(H)t33 says: Da Stori S.U.C.K.S!

III

Die Web 2.0-kontekste waar interaktiwiteit en samewerking tussen veelvuldige lesers moontlik is, skep nuwe kontekste, eiesoortige dinamiek en nuwe storievertelmoontlikhede (Harper 2011:204). Gepaardgaande hiermee ontstaan die behoefte om hierdie veranderende omgewing, die prosesgesentreerde aard van storievertelling en aanlynwisselwerking, asook die ontwikkelende kreatiewe vorme te verstaan (Thomas 2011:217; Page en Thomas 2011:13).

Narratiewe genres wat in die Web 2.0-konteks ontstaan, is baie gevarieerd, maar word volgens Page (2010:208) almal betekenisvol deur die deelnemende eienskappe van die omringende diskoerskonteks gevorm. Hierdie deelnemende konteks impliseer dat wisselwerking en interaktiwiteit inherent aanwesig is. Bestaande narratiewe konsepte van interaktiwiteit met betrekking tot digitale narratiewe fokus primêr op die leser-teks-wisselwerking, byvoorbeeld met verwysing na ontwerpbeginsels van hiperteks of die wyses waarop gebruikers digitale materiaal navigeer. Gevolglik ontstaan die behoefte om hierdie konsepte uit te brei, sodat die addisionele wisselwerkings wat tussen veelvuldige gebruikers plaasvind wanneer stories in aanlyngemeenskappe vertel word, ook in ag geneem word (Page 2010:208).[6] Gesien in die lig van die eksponensiële groei van die internet, die dinamiese omgewing, die snelle evolusie van sosiale media, die magdom moontlikhede en permutasies van media en toepassings, die kortstondige bestaan van webinhoud en -skakels, en die vervlietende aard van elektroniese kommunikasie, is hierdie ’n besonder uitdagende en komplekse aangeleentheid (Alexander 2011:48; Greyling 2011; Page en Thomas 2011:3; Miller 2008:4). Die ontwikkeling van nuwe narratiewe vorme vind so snel soos tegnologiese vernuwing plaas (Miller 2008:4), en vinniger as wat dit deur navorsers gedokumenteer kan word (Page en Thomas 2011:3). Hierbenewens is daar wêreldwyd groot verskille ten opsigte van beskikbare tegnologie, internettoegang en gebruikerspatrone, en bestaan komplekse verhoudings tussen plaaslike en globale toepassings en gebruike (Walton 2009:2). Navorsers op die terrein beklemtoon dan ook dikwels dat die besprekings van tekste beskou moet word as ’n historiese blik of kiekie (*snapshot*) van narratiewe praktyke op ’n bepaalde tydstip en binne ’n bepaalde konteks (vgl. Alexander 2011:48 en Page en Thomas 2011:3).

Die publikasie van Fanie Viljoen se *Pynstiller* en *Painkiller* op Facebook en Yoza Cellphone Stories en die gepaardgaande leserreaksie en wisselwerking bied die geleentheid om *Pynstiller* as gevallestudie te gebruik om die dinamika tussen skrywer, teks, konteks en leser in aanlyngemeenskappe in Web 2.0-kontekste te ondersoek. Sodoende kan bygedra word tot ’n beter verstaan van die ontwikkelende storievertel- en publikasiemoontlikhede in die dinamiese en uitdyende kuberruim. Die teks en kontekste wat bespreek word, kan voorts ’n blik bied op die publikasie, ontvangs en aanlynwisselwerking binne ’n Suid-Afrikaanse konteks op ’n bepaalde tydstip. Vir die doel van die ondersoek word gebruik gemaak van Page (2010) se teorie oor narratiewe wisselwerking soos uiteengesit in haar artikel “Interactivity and interaction: Text and talk in online communities”. In die bespreking word in die besonder gelet op die skrywer se rol in die gebruiker-gebruiker-wisselwerking.[7]

Die artikel val in die volgende afdelings uiteen: (i) kontekstualisering ten opsigte van die deelnemende kultuur in Web 2.0-kontekste en Page se teorie van narratiewe wisselwerking; (ii) die teks en publikasiekontekste van Fanie Viljoen se *Pynstiller*; (iii) bespreking van Page se teorie met toepassing op die wisselwerking en interaktiwiteit in die Web 2.0-publikasiekontekste van *Pynstiller*; (iv) bespreking van waargenome patrone en gesprekke in die Facebook Pynstiller-groep en Yoza Cellphone Stories; (v) slotsom en teorieverfyning.

## 2. Deelnemende kultuur, Web 2.0, interaktiwiteit en wisselwerking

Die publikasielandskap het met die ontwikkeling van digitale formate, en in besonder die internet, onomkeerbaar verander (Thomas 2008:ix). Waar die veranderings ingrypende implikasies vir die uitgewerswese inhou, skep dit terselfdertyd nuwe skeppende moontlikhede vir die skrywer. Elke nuwe ontwikkeling in digitale media, byvoorbeeld breëband-internettoegang, draadlose seine, DVD’s en virtuele realiteit, lei tot ’n ooreenstemmende ontwikkeling in digitale storievertelling (Miller 2008:4, 162). Die opgang van mobiele-selfoon-gebruik het byvoorbeeld in Suid-Afrika aanleiding gegee tot die ontstaan van die m4Lit-projek (*mobile phones for literacy*), ’n projek van die Shuttleworth-stigting onder leiding van die tegnologienavorser Steve Vosloo. Die oogmerke van die m4Lit-projek (Kontax en later Yoza Cellphone Stories) wat in 2009 van stapel gestuur is, was spesifiek om die lewensvatbaarheid van mobiele fone ter bevordering van lees en skryf by die Suid-Afrikaanse jeug te ondersoek, sodat opvoedkundiges, uitgewers en navorsers – en by implikasie skrywers – ’n beter begrip kan kry van geletterdheidverwante geleenthede en uitdagings van mobiele fone (Vosloo 2010c:2, 14). Die projek het geëksperimenteer met ’n meer interaktiewe styl van storieskryf en publikasie wat by die deelnemende kultuur eie aan die digitale generasie aanklank kan vind (Vosloo 2010c:2; Jenkins, Clinton, Purushotma, Robison en Weigel 2005). In die eerste fase van die projek, Kontax, is die sogenaamde m-romans of e-romans (*mobile novels*; *electronic novels*) in ’n sosiale netwerk geplaas wat gebruikers die geleentheid gee om op verskeie wyses met die verhaal in wisselwerking te tree (Vosloo 2010c:6).

Bogenoemde deelnemende kultuur hou verband met die netwerkmoontlikhede van die Web 2.0-era. Die term *Web 2.0* (wat veral met Tim O'Reilly vereenselwig word), verwys nie na 'n bywerking van tegniese spesifikasies as sodanig nie, maar na die resultaat van kumulatiewe veranderings in die wyse waarop sagteware-ontwikkelaars en eindgebruikers die internet gebruik (Jenkins e.a. 2005:50; Web 2.0 2012). Gebruikersbydraes is sleutelfaktore van markdominansie in die Web 2.0-era (O'Reilly 2005). Web 2.0 kan beskou word as die knooppunt van webtoepassings van gebruikersgesentreerde ontwerp, deelnemende inligtingdeling, die vermoë van diverse sisteme en organisasies om te versoen en saam te funksioneer, en samewerking in die wêreldwye web (Web 2.0 2012). In teenstelling met webtuistes waar gebruikers beperk is tot die passiewe besigtiging van inhoud, bied 'n kenmerkende Web 2.0-webtuiste gebruikers die geleentheid om as skeppers van gebruiker-gegenereerde inhoud, in 'n sosiale-media-dialoog met mekaar in wisselwerking te tree en saam te werk. Voorbeelde van Web 2.0-konteks is sosiale-netwerk-webtuistes, webjoernale (blogs), wiki's, webtoepassings, sosiale indeksering ("folksonomy") en video-deling (Web 2.0 2012). Binne hierdie konteks is nuwe netwerke nie meer van die hardeware of inhoud afhanklik nie, maar wel van die deelname van grootskaalse sosiale gemeenskappe (Jenkins e.a. 2005:50).

Volgens Jenkins e.a. (2005:3) word 'n deelnemende kultuur gekenmerk deur relatief lae grense van artistieke uitdrukking en burgerlike betrokkenheid, sterk ondersteuning vir die skep en deel van eie kreatiewe werk, en 'n tipe informele mentorskap waar kennis met nuwelinge gedeel word. Deelnemers glo dat hulle bydraes 'n verskil maak en ervaar 'n mate van sosiale verbintenis met mekaar (of is ten minste besorg oor wat ander van hulle kreatiewe werk dink). Vorme van deelnemende kultuur sluit die volgende in: (i) *affiliasies* – formele en informele lidmaatskap van aanlyngemeenskappe gesentreer om verskeie mediavorme soos Facebook, Twitter, MySpace, boodskapborde of buitespeling (*metagaming*); (ii) *uitdrukkings* – die skep van nuwe kreatiewe vorme soos digitale animasie, aanhangerfiksie, aanhanger-video-vervaardiging en "zines"; (iii) *samewerkende probleemoplossing* – formele en informele samewerking om take uit te voer of om nuwe kennis te ontwikkel, soos deur Wikipedia en alternatiewe-werklikheid-rekenaarspeletjies; (iv) *verspreiding* – vorming van die vloei van media soos deur podgooi en webjoernaalinskrywings (Jenkins e.a. 2005:3).

Bostaande interaksionele kontekste stel skrywers en lesers in staat om op verskeie wyses aanlyn met mekaar te kommunikeer (Page 2010:209). Die kommunikasie, wat hoofsaaklik skriftelik is, word gekenmerk deur 'n informele en gesprekstoon – die meer informele register word selfs in openbare tekste op die internet waargeneem (Mackey 2001:181; Mallan 2008:70; Wallace 1999:62). Hierdie hibriede gesproke-geskrewe kwaliteit kan met Walter Ong (1982) se konsep van sekondêre oraliteit verbind word (Page 2010:209; Lotherington 2011:259). In Ong se onderskeid tussen primêre oraliteit, geletterdheid en sekondêre oraliteit verbind hy sekondêre oraliteit veral met die visuele media soos radio en televisie (Ong 1982:14). Alhoewel Ong nie al die kommunikasiemoontlikhede van die internet kon voorsien nie, is dit opvallend hoe sy konsep van sekondêre oraliteit op verskeie vlakke en wyses in aanlynomgewings waargeneem kan word – vanaf die informele vorm en inhoud van die taalgebruik, en die verskynsel van teksgebaseerde gespreksgenres (Walton 2009:vii) tot die

ontstaan en dinamika van gespreks- en storievertellende gemeenskappe. (Vgl. Mallan 2008; Thomas e.a. 2007. Vir ’n volledige bespreking van die SMS-taalgebruik van tieners in die m4Lit-projek sien Walton 2009 en Deumert 2010.)

Die kombinasie van geskrewe en orale modus impliseer vir Page (2010:209) dat die ontleding van narratiewe wat in dié deelnemende kultuur ontstaan, die hibriede aard en die dinamiese wisselwerking van die spesifieke narratiewe in ag moet neem: “(T)he analysis of stories told in web 2.0 environments must be integrative, able to account for the interactions between texts and users and the dialogic interactions between the many users who participate in online storytelling communities.” Page (2010:211) stel ’n metodologiese integrasie tussen literêr-teoretiese en diskoersontledingstradisies voor wat ons begrip van narratiewe interaktiwiteit en wisselwerking in die ryklik gevarieerde wêreld van digitale narratiewe kan verruim.

Navorsing oor interaktiwiteit in digitale narratologie het, in navolging van bestaande narratologiese modelle, tot dusver hoofsaaklik op die verhouding tussen die teks en die leser gefokus (Page 2010:213). Daar is op genres soos elektroniese fiksie en videospeletjies gekonsentreer en spesifiek aandag gegee aan die verhouding tussen die gebruiker en die teks (narratiewe wêreld) en meganismes om die narratiewe tussenvlak te navigeer en die storie-inhoud te interpreteer (byvoorbeeld Ryan 2004 se onderskeid tussen die ontdekkende en ontologiese wisselwerking). Sodoende het ’n teks-immanente model ontstaan wat gegrond is op die aksies van ’n abstrakte, individuele figuur van die leser (*(w)reader*) (Page 2010:113). Hierteenoor beklemtoon die interpersoonlike dinamiek van gesprekstorievertelling – wat na rekenaargemedieerde storievertelling uitgebrei kan word – die breër, situasionele konteks van vertelling (Page 2010:213). Die sosiolinguistiese analise van gesprekstories is veral geïnteresseerd in die verbinding tussen storievertellende deelnemers. Alhoewel van aangesig tot aangesig en rekenaargemedieerde kontekste vir kommunikasie betekenisvol verskil (byvoorbeeld ten opsigte van gedeelde tyd en fisiese ruimte), en mediale beperkinge ten opsigte van kommunikasie bestaan, impliseer die diskursiewe konteks wat vanuit deelnemende kultuur ontstaan dat die leser se wisselwerking met die teks nou slegs een van die elemente in die proses van storievertelling is (Page 2010:214). Daar is gevolglik ’n benadering nodig om die leser se verhouding en wisselwerking met die storiekonteks asook met ander storievertellende deelnemers te ondersoek.

In Page (2010) se raamwerk neem sy die gebruiker-teks-wisselwerking (leser-teks) asook die diskoerskonteks van die gebruiker-gebruiker-wisselwerking (leser-leser) in ag, en verwys in die besonder na produksiegeoriënteerde faktore wat uit Web 2.0-diskoerskontekste afgelei kan word. Met betrekking tot die gebruiker-teks-wisselwerking sluit sy aan by Ryan (2004) se onderskeid tussen ontdekkende en ontologiese wisselwerking. Ten opsigte van gebruiker-gebruiker-wisselwerking identifiseer Page (2010:115) drie kontekstuele faktore wat die leser-leser-wisselwerking beïnvloed, naamlik die meganismes vir wisselwerking (terugvoermeganismes), die soort gehoor wat in die gesprek betrokke is (netwerkeienskappe) en die kenmerke van die narratief waarop kommentaar gelewer word (narratiewe eienskappe). Die kombinasie van die gebruiker-teks-wisselwerking en die kontekstuele faktore wat die gebruiker-gebruiker-wisselwerking beïnvloed, kan in oop konfigurasies

gekombineer word. Inagneming van die diskoerskonteks is veral om twee redes noodsaaklik: die faktore kan naamlik ’n bykomende stel dimensies verskaf waarvolgens ooreenkomste en verskille betreffende die toenemende verskeidenheid van narratiewe wat in die digitale literatuur ontstaan, geïdentifiseer kan word; hierbenewens hou elkeen van die faktore verband met die evolusie van sogenaamde narratiewe kommentaar (Page 2010:214-5).

Narratiewe kommentaar kan baie verskillende vorme aanneem en op verskeie wyses tot die bronnarratief bydra – die potensiële impak van die gebruiker-gebruiker-narratiewe kommentaar verdien daarom besondere aandag (Page 2010:215). Alhoewel leserskommentaar en -gesprekke ’n gevestigde literêre praktyk is, kan die leser in die tradisionele praktyke van geskrewe wisselwerking nie die inhoud van die narratief verander nie. Die leser se bydrae tot die diskoers bly daarom ekstern tot en apart van die storieteks (Page 2010:115). Hierdie skeiding tussen die narratief en diskursiewe konteks is ’n model wat afgelei is van die praktyke van geskrewe wisselwerking waar die wisselwerking tussen ’n skrywer en leser nie in ’n gedeelde, onmiddellike en sinkroniese diskoerskonteks gesitueer is nie. Die diskursiewe vermoë van Web 2.0-sagteware kontrasteer met die “geskrewe narratief” deurdat ’n tweerigting-aanlynomgewing geskep word waar storievertellende deelnemers met mekaar verbind is en die stringe van narratief en kommentaar saamweef. Dié omgewing skep ’n konteks soortgelyk aan alledaagse gespreksvoering. In aangesig-tot-aangesig-wisselwerking word die rol van deelnemers voortdurend onderhandel, beïnvloed gespreksgenote die gang van die narratief, en is elke luisteraar in beginsel ’n potensiële storieverteller (Ryan in Page 2010:213). Hierdie dinamiek is ook waarneembaar binne aanlynomgewings waar lesers in staat gestel word om ’n bydrae van een of ander aard te lewer. Die formaat wat die kommentaar kan aanneem en die mate waarin dit die narratiewe ontwikkeling kan beïnvloed, verskil na gelang van die spesifieke aard van die diskoerssituasie (Page 2010:115).

Page (2010) gebruik hierdie raamwerk om die onderlinge verhouding tussen die diskoerssituasie, kommentaar en ontwikkelende narratiewe vorm aan die hand van twee uiteenlopende voorbeelde te bespreek, naamlik die verwerking van siekte deur middel van persoonlike narratiewe in die blogsfeer (webjoernale), en die belang van aanlyngesprekke in die evolusie van samewerkingsfiksie (in *A million penguins*) wat op ’n wiki-platform geskryf is. Page se benadering bied ’n raamwerk waarvolgens die twee Web 2.0-publikasiekontekste van Fanie Viljoen se *Pynstiller* beskryf en verstaan kan word. Uit die ontleding van die diskoerskontekste het die behoefte ontstaan om die raamwerk uit te brei deur spesifiek aandag te gee aan die rol van die skrywer. Die term *skrywer* word hier in die tradisionele betekenis van die woord gebruik, naamlik as skrywer van die kreatiewe teks, in hierdie geval die kernnarratief, *Pynstiller*.

## 3. Fanie Viljoen se *Pynstiller*: die teks en publikasiekontekste

Die verskillende weergawes van Fanie Viljoen se teks *Pynstiller* is hoofsaaklik die gevolg van sy betrokkenheid in ’n kreatiewe en navorsingsprojek waarin kunstenaars en skrywers die

grense van die kodeksvorm van die boek uitgedaag en oorskry het. (Vir meer oor die projek, *Oor die einders van die bladsy: ’n transdissiplinêre ondersoek na praktykgebaseerde navorsing deur middel van die kunstenaarsboek,* sien Marley 2012 en Greyling, Marley en Combrink 2011.) Fanie Viljoen, wat benewens skrywer ook illustreerder is, het vir die projek ’n eie kortverhaal, “Pynstiller”, in ’n grafiese verhaal omskep. In die proses het verskeie weergawes van die verhaal in verskillende mediums en formate ontstaan, naamlik ’n kortverhaal (Viljoen 2010c), ’n grafiese verhaal in boekformaat (Viljoen 2010a), ’n grafiese verhaal op Facebook (Viljoen 2009b), ’n selfoonstorie op Yoza Cellphone Stories (Viljoen 2010d; 2010e), en ’n digitale boek (Viljoen 2011a).[8] (Vir ’n bespreking van die kreatiewe remediasie van die kortverhaal na grafiese verhaal, sien Greyling 2012.)

Die tema van *Pynstiller,* naamlik selfskending onder tieners, is ’n aktuele en konfronterende onderwerp. Selfskending (ook bekend as selfbesering of selfverwonding) is ’n komplekse psigologiese verskynsel wat verskeie selfbeseringshandelinge insluit (Whitlock 2010). Die oorsake van en redes vir selfskending is velerlei, maar ongeag die spesifieke rede kan die daad verstaan word as ’n wanaangepaste hanteringsmeganisme. Aangesien selfbesering gewoonlik in privaatheid plaasvind, is die omvang daarvan onduidelik. Navorsers is dit egter eens dat die verskynsel veral onder adolessente toeneem (Whitlock e.a 2006:408). Selfskending gaan dikwels gepaard met die ervaring van skuld en skaamte by die dader, en lok reaksies soos skok, afsku of bejammering van ander uit. Die onderwerp is daarom sowel ’n aktuele as ’n konfronterende tema vir ’n jeugverhaal. (Vir die hantering van hierdie tema in jeugliteratuur sien Reynolds 2007 en Miskec en McGee 2007. Vir ’n psigologiese ondersoek na adolessente se gebruik van aanlyn-boodskapborde met betrekking tot selfbeseringsgedrag sien Whitlock e.a. 2006.) [9]

Viljoen se verhaal van ongeveer 1 240 woorde word vertel vanuit die perspektief van ’n naamlose en vereensaamde eerstepersoonsverteller wat poog om deur selfskending verligting vir emosionele pyn te bewerkstellig. ’n Klasmaat, Nell, word bewus van sy probleem en soek toenadering. Die verteller wys egter die toenadering af, sonder homself met musiek in sy kamer af en gee, ná ’n tweestryd, toe aan die drang om homself te sny. Die volgende dag word hy deur Nell gekonfronteer wat haar eie arm, met ’n vars snymerk as liefdesverklaring, ontbloot. In die kortverhaal word die tema deur die narratiewe strategie, narratiewe elemente, taalgebruik, metafore, motiewe, en inter- en intratekstuele verwysings uitgebeeld en verdig. *Macbeth* – in besonder die simboliek van bloed en skuld – vorm ’n belangrike interteks (Greyling 2012).

Die remediasie van die kortverhaal na grafiese verhaal het onder andere behels dat die skrywer die narratief visueel moes uitbeeld. Hiervoor is visuele elemente soos kleur, lyn, skaal, perspektief, raming en komposisie gebruik (Greyling 2012). Viljoen het die gebeure in toneeltjies – een illustrasie per bladsy – verdeel en voorgestel. Die woordteks kom grootliks ooreen met die kortverhaal, maar met ’n duidelike onderskeid tussen vertellerteks en dialoog. Elke narratiefbladsy bestaan uit twee horisontale swart bane waarop die vertellerteks verskyn, en ’n middelste wit gedeelte vir die illustrasie en die dialoog in spraakballonne. Die woordteks op elke bladsy is beperk tot enkele sinne of sinsnedes.




**Figuur 1. *Pynstiller*, bladsy 6, grafiese verhaal**




**Figuur 2. *Pynstiller*, bladsy 9, grafiese verhaal**

Deur die illustrasies word veral toegang tot die beleweniswêreld van die eerstepersoonsverteller bewerkstellig. Die kleurgebruik (rooi, swart en grys), die illustrasiestyl (waaronder groteske en surrealistiese beelde), gebruik van visuele metafore (dorings, skedels, bloed, lemmetjies en dolke), die vormgebruik (soos skerp vorme) en die lynwerk (dik en herhalend) sluit aan by die tema. Dit is opvallend hoe die visuele elemente die woordteks se betekenis uitbrei deur dinge te wys wat slegs gesuggereer is; wat die invloed van die woord-beeldwisselwerking op die narratief is; en hoe die werk as geheel bydra tot die uitbeelding van die tema en die gevolglike uitwerking op die leser-kyker. Die klimaks van die verhaal, waar die verteller homself met ’n skeermeslemmetjie sny, is ’n surrealistiese collage waarin verskeie motiewe, simbole en figure gekombineer word (Greyling 2012).



**Figuur 3. *Pynstiller*, bladsye 32 en 33, grafiese verhaal**

Terwyl hy besig was met die verwerking van die grafiese verhaal (wat as boekformaat gekonseptualiseer is), het Viljoen op die gedagte gekom om die bladsye wat reeds voltooi is, op die sosiale internetplatform, Facebook, te plaas (Viljoen 2009a). Hy het vervolgens ’n Facebook-groep, Pynstiller, gestig en ’n gesprek oor die tema van die teks begin. Inligting oor die oorkoepelende projek is ook geplaas en die boek, waarvan 25 eksemplare beskikbaar sou wees, bemark. Viljoen het die voltooide bladsye met verdrag as foto’s geplaas totdat die hele boek voltooi is. Op ’n later stadium het hy die grafiese verhaal in Engels gedoen en ’n Painkiller-Facebookgroep geskep. Die oogmerke van hierdie groep was onder andere om dit as bemarkingsgeleentheid vir die vertaling van *MindF**k*, die Engelse vertaling van *BreinBliksem*, te benut (Viljoen 2010b).

Gelyklopend met die projek was Viljoen ook met ander kreatiewe werk en met die eksperimentering met digitale formate betrokke. Viljoen se verhaal *Uit*, en die Engelse verwerking, *Confessions of a troubled young man* (verwerk deur Sipho Hlongwane), is in November 2010 as selfoonromans op die Yoza mobi-platform (m4Lit-projek) gepubliseer (Viljoen 2010e). Dit het aanleiding gegee daartoe dat *Pynstiller* en *Painkiller* later ook op hierdie platform, wat op 14–17-jariges gemik is, gepubliseer is (Viljoen 2010g).

Yoza Cellphone Stories maak van twee mobiele platforms gebruik, naamlik ’n sogenaamde *mobisite*, ’n webwerf wat beskikbaar is via mobiele foonweblesers asook rekenaarweblesers, en Mxit, ’n selfoontoepassing – die populêre Suid-Afrikaanse mobiele kitsboodskapplatform (*IM – instant messaging*) (Vosloo 2010c:2). Die eerste fase van die projek, Kontax en Kontax2, was toegespits op isiXhosa-sprekende tieners in die lae-inkomste stedelike gebiede Langa en Guguletu. Uitgebreide interdissiplinêre navorsing oor hierdie fase is deur Steve Vosloo, Marion Walton en Ana Deumert onderneem. Die navorsing het aspekte behels soos die spesifieke tegnologie en platforms, gebruikers en gebruikersbehoeftes, inheemse tale en geletterdheid in die digitale ruimte, mobiele geletterdheid, en wisselwerking en interaktiwiteit. (Projekverslae van Vosloo 2010c, Walton 2009 en Deumert 2010 is beskikbaar by Yoza Project.)

In die loodsprojek kon lesers van Kontax op kontax.mobi registreer en ’n profielblad op die sosiale netwerk skep. Die sosialenetwerk-eienskappe het gebruikers toegelaat om hulle besonderhede op profielbladsye te verskaf, statusbywerkings te doen, profielfoto’s te laai en

muurplasings op ander gebruikers se profiele te maak. Die karakters het ook elkeen ’n profiel gehad (Walton 2009:67). Hierdie sosialenetwerk-funksies is nie na die Yoza mobi-platform oorgedra nie.

Gebaseer op die sukses van die loodsfase is Yoza (www.yoza.mobi en op Mxit) in Augustus 2010 geloods waarop ’n groter e-roman-keuse beskikbaar is (Vosloo 2010a). Alle verhale is vanaf die kontax.mobi-platform na die yoza.mobi-platform verskuif, die verhaalbank is uitgebrei en basiese beginsels vir die formaat daargestel. Skrywers word op die webtuiste in die skrywersmanifes uitgenooi om verhale voor te lê wat onder die Creative Commons-lisensie op Yoza gepubliseer word (Yoza Manifesto s.j.). Die manifes verskaf inligting oor die doel van die projek en riglyne aan skrywers met betrekking tot die teikenleser, temas en onderwerpe, en die ontwikkelende konvensies van die medium. Skrywers se aandag word spesifiek daarop gevestig dat hulle bewus moet wees van die aard van die mobiele foon as medium. Aanbevelings oor die formaat sluit in: aantal hoofstukke (20) en lengte van hoof-stukke (400 woorde), die belangrikheid van interaktiwiteit en wyses waarop dit bewerkstellig kan word, inagneming van aandagspan en sosialiseringneigings in die selfoongebruik van tieners, en aaneenskakeling van hoofstukke (miniserie-formaat). Paslik met die dinamiese omgewing en die eksperimentele en die soepel benadering van die ontwikkelaars word afwykings van die formaat verwelkom (“[T]here’s no manual for writing m-novels in Africa” – Yoza Manifesto s.j.). Aanbevelings en idees wat na aanleiding van die navorsing en ervaring met m4Lit geformuleer is, sluit in die eksperimentering met interaktiewe storievertelling waar lesers die storie-uitkomste kan beïnvloed; ontginning van alternatiewe koppelvlakke (*interfaces*) om veeltalige uitdrukking, kommunikasie en gemeenskap te ontwikkel; die publisering van meer genres en formate in meer tale, en die geleentheid vir tieners om hulle eie fiksie te skryf (Vosloo 2010c:14; Walton 2009:iii-iv; Deumert 2010:86).

Die publikasie van Viljoen se *Pynstiller* op Yoza in November 2010 was op hierdie stadium vernuwend ten opsigte van genre en formaat (Viljoen 2010f; Viljoen 2010h). Die verhaal kan besigtig word op Yoza mobisite asook via Mxit. Yoza se mobisite is ’n internetplatform waar kommentaar moontlik is – hetsy direk op die internet of via selfone met weblesers. Lesers op Mxit kan geen kommentaar lewer nie. Mxit se argitektuur laat nie gebruiker-gegenereerde inhoud of vorme van aanlynpublikasie toe nie – dit moedig dus nie Web 2.0-styl-gebruikergegenereerde inhoud aan nie (Walton 2009:73–4).

## 4. Bespreking: *Pynstiller*-wisselwerking en -interaktiwiteit

Die ontleding en bespreking van die diskoerskontekste van *Pynstiller* word gebaseer op die wisselwerking en interaktiwiteit wat oor ’n bepaalde tydperk op Yoza en op Facebook plaasgevind het. Facebook het intussen grootskaalse veranderings aan die sosiale platform aangebring wat onder andere meegebring het dat die groepslede van die Pynstiller-groep verwyder is en dat belangstellendes spesifiek moet versoek om in die groep te bly (Viljoen 2012a; http://www.facebook.com/groups/94259061126/ – 2012-04-24). Die dinamiese en vervlietende aard van publikasies en gespreksvoering in Web 2.0-kontekste word deur die

migrasie en evolusie van platforms en formate bevestig, en die uitdagings wat die voortdurend veranderende konteks aan skrywers, ontwikkelaars, uitgewers en navorsers stel, beklemtoon (vgl. Alexander 2011:48).

Gebruikers kan deur middel van ’n rekenaar of deur mobiele tegnologie soos selfone en rekenaartablette op Facebook as Yoza inteken.[10] Uit die ontleding van die leserskommentaar kan die afleiding gemaak word dat die meerderheid van die bydraes op Facebook via ’n rekenaar gedoen is, en die meerderheid op Yoza via selfoon. Die ontleding en bespreking van die diskoerskontekste van *Pynstiller* op Yoza (internetplatform) omvat die tydperk tussen 24 November 2010 en 28 Februarie 2011: die Engelse weergawe, *Painkiller* (kernnarratief: 45 segmente, 266 kommentare); die Afrikaanse weergawe *Pynstiller* (kernnarratief: 45 segmente, 55 kommentare). Die diskoerskonteks van *Pynstiller* op die aanlyn sosiale netwerk Facebook behels die tydperk tussen 24 Junie 2009 en 17 Oktober 2010: Afrikaanse weergawe Pynstiller-groep (kernnarratief: 44 fotobladsye; bydraes en kommentare: 130); die Engelse Painkiller-groep (kernnarratief: 44 fotobladsye; bydraes en kommentare: 31.)

Die waargenome diskoerskontekste, aktiwiteit en interaktiwiteit word aan die hand van Page (2010) se narratiewe raamwerk bespreek.


### *4.1 Gebruiker-teks-wisselwerking*

In gebruiker-teks-wisselwerking gaan dit veral oor die navigerende wisselwerking tussen die gebruiker (leser) en die teks. Hier onderskei Page (2010:214) in navolging van Ryan (2004) tussen ondersoekende en ontologiese wisselwerking. Tekste met ondersoekende wisselwerking laat lesers nie toe om die pad wat die narratiewe gebeure kan volg, te verander nie. Beperkte beheer, soos om self te besluit in watter volgorde die teks gelees word, is wel moontlik (Page 2010:112). Hierteenoor stel tekste met ontologiese wisselwerking lesers in staat om die gang van die narratief te verander, byvoorbeeld deur een vurk in die pad bo ’n ander te verkies (soos in “kies jou eie avontuur”-narratiewe; sien Viljoen (2003) se *Die wraak van Erik, die vampire* op Storiewerf); of om storie-uitkomste te beïnvloed, soos met ’n gesamentlike skryf van ’n verhaal (’n baie vroeë weergawe hiervan is Bloemhof (2000) se *Bangmaakstorie* op Storiewerf). Page bespreek die geval van *A million penguins*, waar binne ’n wiki-omgewing geëksperimenteer is of ’n groot groep mense saam aan ’n roman kan skryf (Page 2010:224–8; sien Mason en Thomas 2008). *A million penguins* kan as ’n ekstreme voorbeeld van ontologiese wisselwerking beskou word, aangesien deelnemers vorige bydraes tot die narratief kon herskryf. Die teks was daarom in ’n voortdurende staat van konstruksie en dekonstruksie / rekonstruksie.

In *Pynstiller* se geval (beide op Facebook en op Yoza) is die teks as sodanig die werk van Fanie Viljoen. Die narratief is ’n afgeronde verhaal en verloop opeenvolgend. Aangesien lesers nie die inhoud of gebeure kan beïnvloed of verander nie, impliseer dit ’n ondersoekende wisselwerking ten opsigte van die teks as sodanig. Die lesers het wel ’n keuse oor die volgorde waarin hulle die teks (en verbandhoudende kommentaar) wil lees.[11]

Die formaat waarin *Pynstiller* op die twee platforms verskyn, is belangrik vir die konteks van die artikel. Vir die Facebook-blad is die bladsye van die grafiese roman as “foto’s” in ’n “album” geplaas. Dit impliseer dat die leser dieselfde bladsybeeld gesien het as wat dit vir die leser van die fisiese boek die geval sou wees. Hierdie bladsye kan op twee wyses besigtig word, naamlik as “album”, waar al die foto’s (bladsye) saam op een skerm vertoon; en as enkelbladsye. Die argitektuur van Facebook bring mee dat die bydraes in omgekeerde chronologiese volgorde verskyn – dit impliseer dat die leser die narratief “van onder af” moet lees. Funksies van ’n fisiese boek wat in die geval van prenteboeke en grafiese verhale bydra tot die betekenis (soos omblaai en bladsye wat langs mekaar verskyn), was nie beskikbaar nie.

Vir Yoza moes die grafiese verhaal aangepas word om dit spesifiek vir gebruik op selfone geskik te maak. ’n Klein deeltjie van die illustrasie wat op ’n standaard selfoonskerm (128 pieksels) inpas, is gekies en die teks het as gewone woordteks hieronder verskyn. Die keuse van die gedeelte van die illustrasie is deur Yoza-administrateurs gedoen (Viljoen 2010h). Die snit het meegebring dat die geheel (die konteks van die spesifieke illustrasie, sowel as die woord-beeld-wisselwerking) in ’n mate verlore gegaan en die betekenis verskraal het. Alhoewel die weergawes op Facebook en op Yoza albei ’n kombinasie van woord en beeld is, is die visuele effek, en gevolglik ook die betekenis, verskillend. Hierdie aanbieding van die teks in kombinasie met die navigering op die selfoonskerm het bepaalde konsekwensies vir die leeservaring ingehou (sien 5.1).




**Figuur 4. *Pynstiller*, selfoonstoriesegmente**

Die gesprek/gemeenskap op die twee platforms het gevolglik rondom ’n voltooide teks (die kernnarratief) ontstaan. Die publikasiekonteks en gesprekke wat in die aanlyngemeenskap ontstaan (die ontwikkelende narratief), kan as ’n vorm van parateks (Genette 1997:5) beskou word – spesifiek as openbare epiteks – parateks wat los staan van die materiële boek (vgl. ook Mackey 2001:169). Dit blyk egter dat die diskoers in die twee aanlynkontekste aanmerklik verskil. Hierdie verskille hou verband met die terugvoermeganismes, netwerk- en narratiewe eienskappe en die wisselwerking hiertussen.

### *4.2 Terugvoermeganismes*

In Web 2.0-kontekste is menige terugvoermeganismes beskikbaar, danksy tegnologieë wat template aan die gebruikers bied om boodskappe aan die teksskrywer of ander gebruikers te stuur. Hierdie terugvoer is in die vorm van verskeie kwasigespreksformate van rekenaargegenereerde kommunikasie. Page (2010:220) identifiseer die volgende aspekte betreffende terugvoermeganismes: geen terugvoer moontlik nie; die graad van publieke toegang om terugvoer te sien; aantal deelnemers betrokke by terugvoer; sinkroniese/asinkroniese tyd van terugvoer; en nabyheid van terugvoer aan die oorspronklike narratiewe eenheid.

Facebook se onderliggende beginsel is sosialenetwerkvorming en die platform bied gesofistikeerde argitektuur waarmee gebruikers onderling kontak kan maak, mekaar aanlyn kan bevriend en netwerke kan uitbrei. Verskeie terugvoermeganismes is beskikbaar, insluitende private e-pos, publieke muurplasings en deelname aan gespreksforums. Die toegang tot die meganismes, en funksies van die terugvoer, kan egter verskil na gelang van die verskillende bladtipes (private profiele, groepe, openbare bladsye, ensovoorts). Alhoewel sommige Facebook-bladsye toeganklik is vir enige persoon met internettoegang (soos dit die geval met die Pynstiller-groep is), kan slegs persone wat op die sosiale netwerk geregistreer is en ’n eie Facebook-profiel het, kommentaar lewer. Die aanname van Facebook private profiele is dat die persoon se werklike besonderhede verskaf word en sodoende as individu geïdentifiseer kan word; privaatheidstellings is beskikbaar waarmee sekere inligting verberg kan word (Statement of rights and responsibilities 2012). ’n Foto’tjie van die individu/profieleienaar (of enige afbeelding wat die individu verteenwoordig) verskyn by elke brokkie kommentaar wat hy/sy lewer.

In die geval van Yoza kan die teks op die mobisite (internet) besigtig word sonder dat die gebruiker hoef te registreer. Ten einde op die mobisite te kan kommentaar lewer, moet gebruikers egter aanlyn registreer. Gebruikersname word gebruik om individue se anonimiteit te verseker en registrasie-inligting is slegs vir die webadministrateur toeganklik. Die terugvoermeganismes bied slegs vir publieke kommentaar geleentheid. Gebruikers kan nie direk met mekaar kontak maak nie – gesprekke word sodoende tot die openbare domein beperk.

Page (2010:216) wys daarop dat die verskillende terugvoermeganismes diverse grade van strukturele afhanklikheid van die oorspronklike narratiewe inhoud het. So bly sommige response verbind met die oorspronklike (storie)segment, terwyl ander losstaande hiervan is en verskeie funksies kan vervul. Die responsmeganismes kan ’n tweerigting-wisselwerking bewerkstellig (byvoorbeeld tussen ’n enkelleser en skrywer, of tussen twee lesers), of kan tussen verskeie partye wees. Bydraes kan ook in verskillende formate en media verskaf word. Kommentaar kan op die algemene muur geskryf word, of in die kommentaarspasie wat by elke foto of muurplasing gebied word.

Soos reeds aangedui, is die bladsye van *Pynstiller* as foto’s in die album geplaas. Op Facebook vind die sentrale aktiwiteite op die “muur” plaas, wat impliseer dat hierdie

kommentaar nie direk aan die storiesegment (die betrokke bladsy) van *Pynstiller* gekoppel is nie. Die muurplasings het veral oor die tema, selfskending, gehandel. Gebruikers kan hulle kommentaar as selfstandige bydraes plaas, of aan bestaande bydraes heg. Kommentaar wat direk aan ander gebruikers se muurplasings verbind word, impliseer dikwels ’n persoonliker gesprek (byvoorbeeld bemoediging of ondersteuning). Bydraes in die forum, soos deelname aan gespreksonderwerpe of die plasing van kreatiewe werk, vorm ’n afsonderlike deel van die Facebook-blad. Nuwe plasings in die album of op die forum word wel op die “muur” gereflekteer, sodat gebruikers bewus kan word van nuwe bydraes en spesifiek hierna kan gaan kyk. Die kommentaar wat by die foto’s (bladsye) van *Pynstiller* gelewer is, bly aan die oorspronklike storiesegment gekoppel. Hierdie kommentaar hou oorwegend met die illustrasiestyl en die spesifieke bladsye verband, en kan aanduidend wees van hoe die leser ’n spesifieke bladsy vertolk het. Die opmerkings wissel van algemene kommentaar tot kommentaar wat nouer betrokkenheid by die teks impliseer, soos Maartin Kotze se opmerking by bladsy 6:

> Maartin Kotze:more evil deeds ... oe! Ruik ek ’n twist? Dalk die introduction van ’n motoriese element? Of sommer net ’n voorspelling in die teks? Of dalk niks ... ’n doelbewuste "kyk hier en nie daar nie" in die storielyn? My gedagtes gaan in 734 rigtings wat mens van hier af kan verwag. (29 Junie 2009 om 11:08 nm.)

Op Yoza kan kommentaar gelewer word by ’n spesifieke storiesegment en aan die begin en eindes van verhale. Storiesegmente word as *hoofstukke* aangedui (*Pynstiller* se storiesegmente bestaan uit die illustrasiedeeltjie en die meegaande teks). Die kommentaarspasie kan vir algemene kommentaar gebruik word of vir reaksie op vrae wat onderaan die betrokke storiesegment gestel word – die kommentaar bly aan die spesifieke storiesegment gekoppel. Vrae wat met die narratief verband kan hou, word spesifiek gestel om lesersdeelname uit te nooi en te rig (Yoza Manifesto s.j.). In die geval van *Pynstiller* is geen spesifieke vrae gestel nie. Alle kommentaar op Yoza het dieselfde graad van publieke toegang en vertoon eenders. Daar is nie (soos in die geval van Facebook) ’n visuele aanduiding dat ’n kommentaar aan ’n ander persoon se bydrae gekoppel word nie; sodanige reaksie kan wel uit die inhoud van die kommentaar afgelei word, byvoorbeeld deur direkte verwysing na ander gebruikers of bepaalde menings. ’n Leser kan *Pynstiller* se storiesegmente binne ’n oogwink lees en na ’n volgende segment (skerm) beweeg. Om dié rede is daar nie noodwendig ’n direkte verband tussen die betrokke storiesegment en kommentaar nie. Algemene opmerkings oor die leeservaring van die teks is byvoorbeeld: “Boring”; “Dit is nie regtig my scene nie”; “This is a good story in its own way, but I don’t think I can go on with another chapter”; “Good story, hey.” Bepaalde storiesegmente, soos die hoogtepunt van die verhaal waar die snydaad uitgebeeld word, het meer en spesifieke kommentaar ontlok. Samevattende opmerkings is veral by die eerste en die laaste storiesegment gelewer. Aan die einde van die verhaal verskyn ’n vyfpuntskaal waarin lesers oor die verhaal kan stem (sien 5.1.1).

’n Belangrike aspek van beide die platforms is die wyse waarop die plasings georganiseer word en plasingsinligting verskaf word. Die kommentaar verskyn, met die betrokke datum (en *tyd* op Facebook), in omgekeerde chronologiese volgorde, sodat die jongste plasing bo

verskyn. In Yoza word kommentare van elke storiesegment genommer. Hierdie funksies maak dit moontlik om die aktiwiteit en interaktiwiteit wat plaasgevind het, na te speur en ’n duideliker beeld van die chronologiese verloop en leser-teks- en leser-leser-wisselwerking te kan vorm.

Die betrokke tegnologie, apparate, medium en beskikbare spasie vir kommentaar beïnvloed vanselfsprekend die lengte van die bydrae. So is die reaksies op Yoza oor die algemeen korter as wat in die Facebook-groep die geval is, en oorwegend in SMS-taal (Mxit-taal) (sien 5.1). Dit kan aangeneem word dat die meeste gebruikers die webtuiste via selfoon besigtig. Die enkele bydraes op Yoza wat nie in SMS-taal geskryf is nie, is vermoedelik deur rekenaargebruikers of deur ouer lesers geplaas.

Die tydstip van terugvoer (sinkronies of asinkronies) hou verband met die argitektuur van die betrokke platform sowel as die keuses wat die administrateur van ’n blad kan maak. Kommentaar wat op Facebook gemaak is, verskyn onmiddellik in die openbare domein. Die administrateur (of profieleienaar) kan wel ongewenste bydraes verwyder en sodoende ’n modereringsfunksie vervul.[12] Volgens Vosloo (2010a) word alle kommentaar via die Mxit-platform gemodereer voordat dit gepubliseer word. Die nadeel van die moderering van gebruikerskommentaar is die tyd wat verloop tussen die lewering van die kommentaar en die plasing daarvan. Hierdie meganisme het frustrasie veroorsaak by gebruikers wat gewoond is aan die onmiddellike bevrediging om eie kommentaar “lewend” te sien (Vosloo 2010b).

### *4.2.1 Die rol van die skrywer*

’n Belangrike faktor wat as terugvoermeganisme die dinamika van die gespreksnarratief beïnvloed en beslis in ag geneem behoort te word, is die prominensie, bydrae en rol van die skrywer (hier die skrywer van die kernnarratief), asook dié van die administrateur en/of modereerder. Onderhoud en moderering is veral belangrik vir webtuistes wat op tieners gerig is (Deumert 2010:4).

Fanie Viljoen het as skrywer ’n leidende rol gespeel op die Pynstiller-groep. Hy het die inisiatief geneem om die groep te stig, het die aanvanklike uitnodiging vir aansluiting by die groep gerig, asook die eerste vraag gestel wat die gesprek gestimuleer en die toon vir die bespreking aangegee het. Viljoen het deurentyd sy teenwoordigheid getoon deur die uitnodiging vir die gespreksforum, sy deelname aan die gesprek en die inisiëring van nuwe onderwerpe – byvoorbeeld in die afdeling vir besprekings. Groepslede is ook ingelig oor die plasing van nuwe bladsye, en voortdurende belangstelling in en besoeke aan die Facebook-groep is sodoende bewerkstellig. Die invloed van die skrywer se betrokkenheid kan byvoorbeeld ook gesien word in die drastiese afname van gespreksvoering nadat die laaste bladsy geplaas is en Viljoen nie meer die groep doelgerig bemark het en aktief betrokke was nie.

Ten opsigte van *Pynstiller/Painkiller* op die Yoza mobi-platform het Viljoen nie ’n aktiewe rol vervul nie. Die verhale (Afrikaans en Engels) is in die verhaalbank geplaas met Viljoen se naam daarby; geen aanduiding is verskaf dat hy ook die illustreerder was nie. ’n Kort brokkie

oor die skrywer verskyn wel by die verhaal. Anders as wat by die Facebook-groep die geval was, is geen konteks oor die ontstaan van die teks (binne die oorkoepelende kreatiewe projek) verskaf of die spesifieke onderwerp deur gespreksvoering gekontekstualiseer nie. Die uitsondering hier is kommentaar wat Viljoen as "Anonymous" op 5 Desember 2010 op beide die Engelse en Afrikaanse weergawes gelewer het (Viljoen 2012b). Hierdie bydrae, wat Viljoen na aanleiding van leserskommentaar gemaak het, verskaf inligting oor die formaat en wenke hoe om dit te lees. Lesers word ook na die Pynstiller/Painkiller-Facebook-groepe verwys.[13] Hierdie verwysing illustreer die netwerke wat in en oor verskeie internetplatforms ontstaan.

### *4.3 Netwerkeienskappe*

Die netwerkeienskappe of wisselwerkingskonteks hou verband met die aanvoeling van die gehoor deur die skrywer ("a sense of audience") (Page 2010:215, 117). Page wys daarop dat, net soos die gehoor 'n potensiële invloed kan hê op die diskoersinhoud van 'n aangesig-tot-aangesig-vertelling, skrywers op soortgelyke wyse die gehoor antisipeer wanneer die stories in aanlynkontekste geplaas word. In aanlynkontekste is die gehoor egter onvoorspelbaar en onsigbaar, en die meerderheid van die aanlyngehoor is waarskynlik loerders wat teenwoordig is, maar onbekend bly vir die skrywer van 'n aanlynstorie. Selfs indien die leser deur die wisselwerking met 'n teks 'n verbale spoor laat, is die aard van aanlynvoorstelling sodanig dat die leser se "werklike wêreld"-identiteit nie noodwendig eksplisiet aangedui word nie (Page 2010:117). Die verskil tussen die bedoelde en werklike gehoor, gekombineer met wisselende grade van narratiewe interaksie, skep nuwe kontekstuele uitdagings vir storievertelling in netwerkkontekste (Page 2010:217). Page (2010:220) identifiseer die volgende netwerkeienskappe: die graad van oop toegang wat moontlik is, die uitbreiding en oorvleueling van die virtuele en werklike wêrelde, en die waargenome demografiese profiel van die gebruikers.

Die grense wat die aard van die gehoor definieer, kan strek vanaf algehele oop toegang (byvoorbeeld toegang op 'n gewone www-adres) tot beheerde privaatheidstelllings (Page 2010:217). In ooptoegang-domeine is dit onmoontlik vir die verteller om akkuraat te skat wie die lesers is wat met die storie betrokke kan raak; wanneer privaatheidstellings gestel is, kan die modereerders van die webtuiste 'n duideliker beeld van die potensiële gehoor kry (Page 2010:217). Sowel die Pynstiller-groep op Facebook as Yoza se internetblad kan deur enige persoon met internettoegang besigtig word. Om kommentaar te kan lewer moet die gebruiker egter geregistreer wees – hiervoor geld minimum-ouderdomme, naamlik 13 jaar op Facebook en 14 jaar op Yoza (Statement of rights and responsibilities 2012; Yoza terms of use s.j.). Die verpligte demografiese inligting wat vir registrasie op Yoza vereis word, is geslag, geboortejaar en provinsie. Daar is egter oor die algemeen geen manier om vas te stel of die gebruiker juiste inligting verskaf nie (Vosloo 2010c:8). Die konvensies van selfbekendstelling wissel. Soos reeds aangetoon, bestaan hoë vlakke van persoonlike outentisiteit op sosiale platforms soos Facebook – 'n gebruiker skep en projekteer egter deur die persoonlike profiel, aktiwiteit en wisselwerking 'n bepaalde identiteit wat nie noodwendig die identiteit in die werklike wêreld weerspieël nie (sien ook Page en Thomas 2011:10).

Alhoewel Yoza gemik is op lesers in die ouderdomsgroep 14-18 jaar, wissel die ouderdomme van gebruikers van 11 tot volwassenes (Vosloo 2010b). Die gewildheid van die verhale onder jong volwassenes (20-30) kan aanduidend wees van die leesvlak van lesers (Vosloo 2010b; Walton 2009:iii). Ten opsigte van Kontax-verhale was die meerderheid gebruikers (70%) van Gauteng, gevolg deur Wes-Kaap (16%). Die verhouding tussen geslagte (vroulik – 55%; manlik – 45%) het met internasionale tendense ooreengestem (Vosloo 2010b).

Die verteller se sin van die gehoor wissel afhangende van die mate waarin die virtuele gehoor oorvleuel met mense wat die storieverteller in aflynkontekste ken (Page 2011:117). Vir die Pynstiller-groep het Viljoen mense genooi wat reeds op Facebook met hom bevriend is, of wat met sy werk vertroud was. Belangstellendes is ook deur middel van koerantberigte in jeugkoerante (*Jip,* ’n bylaag van *Beeld, Burger* en *Volksblad*, en *Wapad*, ’n studentekoerant van die NWU) na die Facebook-groep uitgenooi. Groepslede kan ook ander Faceboek-vriende uitnooi om aan te sluit. Die groepslede was daarom in ’n groot mate ’n geselekteerde en ingeligte gehoor, waarvan ’n gedeelte oorvleuel het met kennisse van Viljoen. Op Facebook is dit moontlik om aan die hand van persoonlike Facebook-profiele ’n redelike aanduiding van die spesifieke leser en die groep as sodanig te kry. Hiervolgens is ouderdomsverskille van Pynstiller se groepslede opmerklik. Alhoewel die grafiese verhaal met die jong karakter as jeugliteratuur beskou kan word, was heelparty van die groepslede jong volwassenes (byvoorbeeld studente en jong werkendes) en ouer mense. Die Painkiller-groep het heelwat minder groepslede as die Pynstiller-groep gehad en het min gesprek uitgelok. Vermoedelik kan die minder aktiwiteit onder andere aan die demografie van die groep, kennis van die skrywer se werk, en die bekendheid van en die verhouding met die skrywer toegeskryf word. Die beskikbaarheid van aanlyngespreksforums oor die aangeleentheid (in Engels) sal onteenseglik ook ’n rol hier speel.[14]

In teenstelling met die aktiwiteit op Facebook het die Engelse weergawe op Yoza heelwat meer kommentaar uitgelok as die Afrikaanse weergawe – dit kan aanduidend wees van die verhouding van Yoza-gebruikers wat voorkeur aan Engels gee. Die lesers is nie, soos in die geval van Facebook, spesifiek genooi nie, en het op die bestaande platform met die Pynstiller-verhale kennis gemaak. Op hierdie stadium was die gebruikers volgens Viljoen (2012b) vertroud met die platform en honger vir nuwe stories. Alhoewel die administrateurs van Yoza veeltaligheid wil bevorder, en vir Kontax sowel ’n Engelse as ’n isiXhosa-koppelvlak gehad het (Deumert 2010:3), is die voertaal van die Yoza mobi-platform Engels. Met die publikasie van *Pynstiller* en *Painkiller* op Yoza was slegs een verhaal (*Kontax1*) in isiXhosa beskikbaar, en drie verhale in Afrikaans (*Uit* – Fanie Viljoen; *Vakansieromanse* – Jaco Jacobs; *Pynstiller* – Fanie Viljoen). Die volgende wisselwerking tussen lesers gee ’n aanduiding van hierdie lesers se taalgebruik, -sentiment en -voorkeure: [15]

> *(Reported)* :DTr@iler+Tr@sh:P says I dnt gt ths we read da stupid st0ry in englsh nw shuld da b anada 1 in afrikaans. Pls rem0ve ths st0ry its jst b0ring hai m sure da m0re intrestng stories 0ut da who dserv 2 gt publishd nt ths junk. (2 Des. 2010 – *Pynstiller*) [We read the stupid story in English now should there be another one in Afrikaans. Please remove this story it is just boring. Hey, I am sure there are more interesting stories out there who deserve to get published. Not this junk.]

> $`*..MELISSA..*`$ says: Cindy wot d0 u mayb thnk dat der arnt any afr ppl dat actualy wana read afr storiez or wot (2 Des. 2010 – *Pynstiller*)
> [Cindy, what do you maybe think that there aren’t any Afrikaans people that actually want to read Afrikaans stories or what?]
>
> :DTr@iler+Tr@sh:P says: Da point is we cnt hav 2 b0rng st0riez dat r da sam bt dfrent in language anada 1 culd hav replacd ths borng thng it jst sucks! (3 Des. 2010 – *Pynstiller*)
> [The point is we can’t have two boring stories that are the same, but different in language another one could have replaced this boring thing. It just sucks!]
>
> mr+100% says: If its going 2 be lyk ths tht means we cn wrt our zulu or afrikaans thts nt communication its stupid ths thng of yrs dam!!!) (5 Des. 2010 – *Pynstiller*)
> [If it’s going to be like this, that means we can write our Zulu or Afrikaans that’s not communication, it’s stupid this thing of yours, damn!]
>
> ... mhm ... says: Ngoba besingeke nje singabhalwa nge afrikaans. Ay suka man!!!! (5 Des. 2010 – *Pynstiller*)
> [Because it would not be written in Afrikaans – Vertaal uit Zulu.]

Die taalgebruik in leserskommentaar op die twee platforms (Facebook en Yoza mobi) is aanduidend van die ouderdom, kultuur en identiteit van lesers, asook van tegnologie en die gesprekskonvensies waarmee hulle vertroud is. Die gebruik van drasties verkorte vorme kenmerkend van SMS-taal is deel van die gesprekskonvensies van Mxit, wat ook na ander selfoonkommunikasie oorgedra word. Die gebruik van SMS dra by tot vloei van gesprekke en die sosiale funksionering op die Mxit-platform (Walton 2009:64) (sien 5.1).

Hierdie aangeleentheid sluit aan by ’n belangrike faktor wat in ag geneem moet word wanneer die netwerkeienskappe ter sprake kom, naamlik die vlak van gebruikers se vertroudheid met die betrokke tegnologie en die ontwikkelende konvensies van bepaalde platforms en narratiewe vorme. Uit Walton (2009:v-viii) se navorsing is dit duidelik dat, alhoewel Suid-Afrikaanse tieners oor die algemeen bedrewe is met die Mxit-platform en die kommunikasiekonvensies wat hiermee gepaard gaan, toegang tot die gebruik van rekenaars en die internet beperk is. Aangesien Mxit nie gebruiker-gegenereerde inhoud bevorder nie (geen webjoernale, podgooi of foto-deling is moontlik nie), dra dit daartoe by dat tieners se verstaan van webkonvensies en van hulleself as skrywers agterbly in vergelyking met dié van ander tieners – globaal asook teenoor hulle vermoënder portuurgroep in Suid-Afrika (Walton 2009:viii).

Die demografiese aard van die bedoelde en werklike gehoor kan volgens Page (2010:218) die sosiopragmatiese aard van die storie se kommentaar aansienlik beïnvloed. Skrywers maak gebruik van ’n verskeidenheid diskursiewe strategieë, wat ontwerp is om verskillende funksies te vervul, in die produksie en ontvangs van stories (Page 2010:118). Ter illustrasie: In die *Pynstiller*-narratief (die kernnarratief) word die leser, deur die gebruik van die vertelstrategie en kriptiese aanbieding, as’t ware in die skoene van die buitestander-eerstepersoonsverteller geplaas. Die aanvaarding deur die *emo girl* en haar selfskending in simpatie met die verteller impliseer ’n bepaalde benadering ten opsigte van die

aangeleentheid. In die verhaal word geen morele oordeel oor die selfskending as sodanig uitgespreek of kitsoplossings verskaf nie. Hierdie vertelstrategie, waar die leser in ’n subjekposisie geplaas word, en die interpretasie van die gebeure en morele besluitneming aan die leser oorgelaat word, stel bepaalde eise aan die leser. Die leeservaring word ook beïnvloed deur die individu se lewenservaring, vertroudheid met genre- en narratiewe konvensies, gekose leesstrategie, persoonlike siening, ensovoorts. Die gebruik van diskursiewe strategieë met inagneming van die gehoor en die beoogde effek geld vir alle vlakke van die produksie en ontvangs van stories, by implikasie ook vir die ontwikkelende aanlyndiskoersnarratief (sien 5.2). Dit is opmerklik dat Viljoen in sy hantering van die Pynstiller-groep ’n soortgelyke oop benadering as in die teks as sodanig gehandhaaf het.[16]

In ’n Web 2.0-diskoerskonteks soos Facebook of Yoza mobi kan die leser se reaksie op die leeservaring verwoord word deur aanlyn kommentaar te lewer. Yoza maak spesifiek voorsiening daarvoor dat lesersdeelname aangespoor word, byvoorbeeld deur spesifieke vrae te stel wat met die verhaal verband hou. In *Uit* (en *Confessions of a troubled young man*) stel die skrywer aan die einde van elke hoofstuk gerigte vrae soos: “Het jy al iemand vasgehou met jou hande, maar nie met jou hart nie?” (hoofstuk 8); “Wat sal jy doen in ’n ongemaklike situasie in ’n nagklub?” (hoofstuk 9); “Hoekom dink jy pleeg baie gay mense selfmoord? Is selfmoord ’n uitweg?” (hoofstuk 18). Met dié dat elke leser/luisteraar ’n potensiële storieverteller is (sien par. 2), gebruik die leser-vertellers in die aanlyndiskoers ook bogenoemde diskursiewe strategieë in hulle eie vertellings (sien 5.2). Die kommentaar en gesprekke wat sodoende ontstaan, word ’n ruimte waarin die interpersoonlike werk van storievertelling uitgebrei en verfyn word (Page 2010:218).

### *4.4 Narratiewe eienskappe*

Page (2010:220) onderskei drie narratiewe eienskappe, naamlik reeksnarratief, temporale oriëntasie van die narratief (byvoorbeeld retrospektief of prospektief) en die fiksionele status van die narratief.

Die wisselwerking wat deur middel van die terugvoermeganismes deur die lesers verskaf word, kan op ’n verskeidenheid maniere funksioneer (Page 2010:218). Kommentaar op die skryfwerk kan goedkeuring, uitdruklike afkeuring van die skrywer en die skryfwerk wees, of voorstelle vir verdere hersiening of vir nuwe narratiewe materiaal maak (sien verdere bespreking in 5.1). Die mate waarin die kommentaar die kernnarratief beïnvloed, hang krities af van die kenmerke van die storie wat vertel word (Page 2010:218) – en vanselfsprekend ook van die skrywer se reaksie op die kommentaar. Die ontologiese status van die storie (hetsy dit werklike gebeure rapporteer en of dit fiktief van aard is) bepaal die aard van die kommentaar en wisselwerking wat in die kommentaar gelewer word, asook in welke mate die kommentaar die verdere narratief kan beïnvloed (Page 2010:219). Die tydsverloop tussen plasings is ’n belangrike faktor in die ontwikkeling van die narratief. Vertellings wat in reeksvorm oor tyd plaasvind, het ’n groter kans om deur die wisselwerking beïnvloed te word; volledige narratiewe wat in een aflewering geplaas word, word selde hersien en herpubliseer (Page 2010:218).

Soos reeds aangedui, is *Pynstiller* as afgeronde verhaal op die twee platforms geplaas; lesers se kommentaar kon daarom nie die narratief as sodanig beïnvloed nie (ondersoekende leser-teks-wisselwerking). In die geval van Yoza is *Pynstiller/Painkiller* eenmalig en volledig gepubliseer. Heelwat kommentaar is gelewer – die meeste hiervan kort nadat dit in die verhaalbank beskikbaar gestel is. *Pynstiller* op Facebook is met verdrag oor ’n verloop van drie maande (Junie tot September 2009) geplaas (reeksvertelling). Hierdie werkswyse het ’n bepaalde boeikrag teweeggebring, en geleentheid gebied vir die ontstaan en ontwikkeling van die sekondêre gespreksnarratief. Individue het op verskeie wyses bydraes gelewer, onder andere deur van eie ervarings te vertel, kreatiewe werk te deel, inligting te verskaf, of ander te bemoedig – dit het ’n langer gesprek en hegter gemeenskap tot gevolg gehad. In hierdie geval het lesers vertellers (skrywers) geword – wat sekondêre reeksvertellings in die kleine tot gevolg het (sien 5.2). Hier kan verskille in die ontologiese status aangedui word. Die kernnarratief is fiktief. Sommige leser-skrywers het egter in reaksie op die teks en veral op Viljoen se vrae oor werklike ervarings geskryf; ander het die ervarings in kreatiewe formate (soos gedigte) verwoord.

Alhoewel die leserskommentaar in ondersoekende leserwisselwerking, soos dit met *Pynstiller* die geval is, nie die inhoud van die primêre verhaal beïnvloed nie, kan lesers se terugvoer direk of indirek ’n invloed hê op die ontwikkeling van die genre en bepaalde formaat. Dit kan ook die wyse beïnvloed waarop ’n skrywer, uitgewer of bepaalde platform toekomstige narratiewe skryf of aanpak.[17] *Pynstiller/Painkiller* op Yoza het heelwat kommentaar uitgelok ten opsigte van die formaat (spesifiek die frustrasie wat die lesers met die kort segmente ervaar het). Kommentaar soos hierdie kan meebring dat die skrywer en/of webadministrateur die formaat kan heroorweeg. Die uitwerking van die kommentaar op die skrywer behoort ook in ag geneem te word. Lesers se reguit, en dikwels krasse, oningeligte en ongenuanseerde kommentaar kan ’n demoraliserende effek op die skrywer hê.

Page (2010:219) wys daarop dat dit nie slegs fiksionele stories is wat in Web 2.0-omgewings geskep word nie, maar dat individue toenemend Web 2.0-tegnologie gebruik om hulle lewens op persoonlike webjoernale, besprekingsforums of sosialenetwerk-webtuistes en in gefragmenteerde vorme deur mikrojoernaalinskrywings (*microblogging*) te dokumenteer en anekdotes te vertel. Die gebruik van episodiese vertellings toon ooreenkoms met aflynvorme soos dagboekinskrywings en gespreksvoering. Gewoonlik is sodanige mededelings tydsgewys baie naby aan die werklike gebeure, met die gevolg dat aanlyn persoonlike narratiewe dikwels deur ’n relatiewe gebrek aan retrospeksie gekenmerk word (Page 2010:219). Webjoernale rapporteer gewoonlik oor onlangse gebeure, terwyl statusbywerkings op platforms soos Twitter en Facebook nog nader aan die hede is.

Die aanname dat ander se mededelings outobiografies van aard is en oor onlangse gebeure of die huidige situasie handel, kan tot wanvertolking lei, soos die volgende wisselwerking tussen twee groepslede in die Pynstiller-groep illustreer:

> Quinton Bruno: Your voice so sweet ur words so sleek cuting me ever so deep....bt n0w the blade thats been cuting away is blunt u hear blunt...my mind is broken and my soul in peaces...i need to cut,bt n0 0ne can see ths...gaching at my m0rtal flesh

> makes me seem like the rest it starts with metal, flesh then...blood...drip drop i sink to the ground n0t m0ving n0 sound...my stay is up my time is over as i start to feel lower...ths voice i hear its n0t clear bt it sends me into total fear...YOU ARE MYNE! god CANT SAVE U THS TIME... (7 Augustus 2009 om 05:29 nm. deur sellulêr)
>
> Colette Pretorius: Quinton, swty, don't listen to the dark. Don't let it win! Dark has NO power when we let the sunshine in! I know that it's a constant tug of war. But u can get free from the hate. Ur spirit can soar! Shut out the voices, throw away the blade. You can start life on a brand new slate. U can make it with help from Above. Remember, stand firm in faith, hope and love! It's all we can do! Sending love from one who has made it through. (9 Augustus 2009 om 09:09 vm. deur sellulêr)
>
> Quinton Bruno: I am free and theres n+ mre cuting for me my wounds r healed bt the marks r stil there and yes its hard if bn "clean" for 10 m0nths n0w bt s0metimes i just imagin myself ingraving deep slashes into my arm bt i dnt i cnt and i w0nt its bn tuf yes bt its healing...i stil write in a way that u might say portrai me in a way bt i just speak for those to knw their n0t al0ne...so dnt wory bout me im gr8 acctualy never bn ths hapy mwha. (17 Augustus 2009 om 10:40 vm. deur sellulêr)

In hierdie geval is die leser-skrywer se kreatiewe uitbeelding van eie ervaring in die verlede deur ’n groepslid as huidige omstandighede en gemoedstoestand geïnterpreteer, waarop sy hom dienooreenkomstig bemoedig het. In sy reaksie het hy verduidelik dat hierdie ervarings tot die verlede behoort, en dat hy die bepaalde vertelstrategie kies juis om ander te laat voel dat hulle nie alleen is nie: “I still write in a way that you might say portray me in a way, but I just speak for those to know they are not alone. So don’t worry about me, I’m great, actually never been this happy.”

## 5. Afgeluister: Patrone en gesprekke op Pynstiller Facebook en Yoza Cellphone Stories

In haar ontleding van die deelname en gemeenskap in die Kontax-loodsprojek neem Walton (2009:77) twee sosialenetwerk-strukture waar. In die kommentaar wat na kontax.mobi gestuur is, het die Kontax-storie ’n sentrale spil gevorm en die deelname om die storiehoofstukke (en ’n meegaande kompetisie) gesentreer. Daar het nie baie aktiwiteit uit die kommentaar as sodanig ontstaan nie, en in die meeste gevalle het leserskommentaar nie direkte terugvoer van ander lesers ontvang nie (Walton 2009:77). Visueel kan dit as die naaf en speke van ’n fietswiel voorgestel word. ’n Andersoortige patroon het op die webtuiste se sosiale netwerk vorm aangeneem. Alhoewel die Kontax-storie steeds ’n sentrale rol gespeel het, was ’n minder gesentraliseerde verspreiding van deelname waarneembaar, met ’n klein groepie aktiewe gebruikers wat verbindings met mekaar sowel as met die Kontax-storie en die webtuiste se fasiliteerders gevorm het (Walton 2009:78). Visueel kan dit as ’n eenvoudige padkaart voorgestel word.

Soortgelyke patrone kan in die Pynstiller-weergawes op die twee platforms waargeneem word. Op Yoza mobi het die storie (*Pynstiller* en *Painkiller*) die spil gevorm en die meeste kommentaar het met die narratief verband gehou – spesifiek betreffende die formaat en

inhoud van die verhaal. In die Facebook Pynstiller-groep was die situasie anders. In hierdie geval kan die verhaal as ’n anker beskou word; hierbenewens het ’n gesprek met ’n duidelike fokus as gevolg van Viljoen se uitnodiging ontstaan. Die kern van hierdie netwerkstruktuur is die spesifieke onderwerp (selfskending), en die gesprek daarrondom. Verskillende bydraes van groepslede (insluitende Viljoen) en die onderlinge wisselwerking het knooppunte meegebring. Visueel kan dit as ’n driedimensionele risoom voorgestel word.

### *5.1 Wts ds bwt? Nah ds painkiller is painkillin me.*

> 5$$$$5says: Wts ds bwt? Nah ds painkiller is painkillin me. (22 Des. 2010)
> [What’s this about? Nah, this painkiller is pain killing me.]
>
> heart+braker says: irealy dnt undstnd dis wat knd of a story iz dis? (27 Feb. 2011)
> [I really don’t understand this. What kind of a story is this?]

In die Kontax-loodsprojek is op sowel die mobisite as Mxit duidelike tendense met betrekking tot die lees van die hoofstukke waargeneem. Die eerste twee hoofstukke het hoë besoekvolumes getoon, waarna ’n skerp afname en stabilisasie plaasgevind het van die belangstellende lesers wat al 21 hoofstukke gelees het (Vosloo 2010c:8). ’n Lewende affiniteitsruimte met ’n lojale gemeenskap het op die Kontax sosiale platform ontstaan (Walton 2009:iv). Die verhaal, *Kontax*, het voorsiening gemaak vir kommentaar aan die einde van elke hoofstuk of in ’n “Express Yourself”-gedeelte. Die kommentaar wat ontvang is, het hoofsaaklik in die volgende kategorieë geval: komplimenterend vir die m-romans; komplimenterend vir die Kontax-storie en formaat; kommentaar met betrekking tot die storie; voorstelle; kommentaar op kommentaar; en algemene kommentaar.[18] Die hoofstukkommentaar was in reaksie op die spesifieke hoofstuk of as kommentaar op van ander gebruikers of die Kontax-span (Vosloo 2010c:8).

Sommige van die genoemde kategorieë van kommentaar kan in die Pynstiller-weergawes op Yoza waargeneem word. Weinig kommentaar is egter gevind ten opsigte van die kategorie “komplimenterend vir die m-roman”, wat verstaanbaar is, aangesien die Kontax-verhaal die eerste verhaal op hierdie platform was. Dit blyk dat gebruikers gou vertroud raak met nuwe tegnologie en toepassings en dat spesifieke verwagtinge van ’n nuwe genre ontstaan – soos ook deurskemer in die kommentaar oor *Painkiller*: “Okay so it wasn’t bad although it was quite short, we kind of got used to longer stories.”

Alhoewel die kommentaar op *Painkiller/Pynstiller* op Yoza oënskynlik oorwegend met die verhaal self te make het (soos aangedui met die fietswielmetafoor), toon ’n noukeurige ontleding van die kommentaar ’n bewustheid van die sosiale netwerk en die omringende konteks. Dit blyk dat kommentaar gerig is op diverse partye in die netwerk, insluitende die platform en platform-administrateurs (Yoza), die skrywer, medelesers, gebruikers wat kommentaar gelewer het, en in enkele gevalle ook die karakters. Hierdie waarneming kan aanduidend wees daarvan dat die gebruikers hulleself verbeel of voorstel as deel van ’n gemeenskap (netwerk) wat uit verskillende individue (of mense met verskillende funksies) bestaan en aanneem dat hulle kommentaar deur ander gelees word en ’n verskil kan maak

(sien in hierdie verband ook Thomas 2011:208). Tekens van portuurmoderering kom ook voor, byvoorbeeld waar ongewenste kommentaar aangemeld is, of waar lesers mekaar aanspreek oor die wyse waarop kritiek uitgespreek word.

Die gebruik van SMS-taal, wat algemeen op die Yoza mobi-platform is, toon sterk konvensies van mondelinge gespreksvoering. SMS-taal (Mxit-taal; textspeak; txtspk) word gekenmerk deur ’n neiging tot lettervermindering en ’n algemene telegrafiese styl. Dit sluit in sametrekkings en konsonantskryf (text > txt; thanks > thnx); fonologiese nabyheid (you > u); syfer/letter-homofone (too > 2; for > 4); letter/syfer-kombinasies (4sho); verkortings (picture > pic); g-weglating (reading > readin); letterweglating; niestandaard-spelling (love > luv); akronieme (ANC); letterwoorde (bv. laughing out loud > LOL); gebruik van simbole soos @ en aksentstilering (bv. “wateva” vir “waterfall”) (Walton 2009:80; Deumart 2010:21). Nieverbale handeling soos stemtoon en gesigsuitdrukkings wat deel is van aangesig-tot-aangesig-gespreksvoering, word oorgedra deur die kreatiewe gebruik van leestekens, hoofletters, herhaling van letters, simbole en emotikons, en is aanduidend van hoe die kommentaar vertolk moet word (byvoorbeeld as verbasing of sarkasme). Uitdrukkings en tussenwerpsels wat met oraliteit en informele gesprekke vereenselwig word en ook aanduidend van betrokke kulture kan wees, word in van die kommentare op Yoza gevind, byvoorbeeld *ai, eish, shoes, ayoba, hawu, ja, nee man, nè*. Die neiging om bepaalde stylkenmerke vir aanlynkommunikasie te gebruik, hou verband met die sosiale neiging van konformering (Wallace 1999:62; sien ook Walton 2009:64 oor die verband tussen sosiale aanvaarding en gebruik van Mxit-taal). Drie kort voorbeelde ter illustrasie van die mondelinge merkers in SMS-taal:

> FIFI says: lmao ya its bloody short ay....nd dis kid is hectic ne,wassup wit hm???????? (1 Des. 2010)
> [Laugh my ass off. Ja, it’s bloody short, ai… and this kid is hectic, nè. What’s up with him?]
>
> Lulu says: Y r ppl so mean?:'( (1 Des. 2010)
> [Why are people so mean? (crying)]
>
> Khanyi says: Wat a waist of tym ur stori z sooooooo borrrrng (2 Des. 2010)
> [What a waste of time. Your story is so boring.]

Waar die meeste gebruikers slegs ’n enkele inskrywing oor *Painkiller/Pynstiller* gemaak het, het ander gebruikers verskeie keer kommentaar gelewer. Deur die kommentaar verder te ontleed, kan meer oor die leeservaring en aktiwiteit van spesifieke lesers te wete gekom word. Lesers het byvoorbeeld deurgaans dieselfde mening bly handhaaf en dit herhaaldelik uitgespreek (byvoorbeeld dat die teks vervelig is); dieselfde leser het oor verskeie aspekte kommentaar gelewer (byvoorbeeld deur verwysing na eie leeservaring, formaat, inhoud en tema, en ander se kommentaar); lesers toon bewussyn van verskeie instansies in die netwerk en spreek afsonderlike instansies in die netwerk aan; lesers se aanvanklike indrukke van die verhaal verander; lesers lees die verhaal by meer as een geleentheid en lewer kommentaar oor verskillende leeservarings en leesverwagtings. So was die leser Mimzo met die aanvanklike lees op 3 en 5 Desember nie beïndruk nie: “The person who wrote this story should stop

writing because there's no use." Uit 'n inskrywing op 15 Desember blyk dit egter dat die leser teruggekeer het na die verhaal en die gespreksforum, en intussen oor die eie leeservaring en -reaksie besin het. In die kommentaar word ander lesers aangespreek en waardering teenoor die skrywer getoon:

> Mimzo says: Waz at da beginng awaz lyk neh maan wat da hel iz diz bt i kept on readin borin as itiz bt dn as i kept goin on i startd findin da story mre intrsting...pipz read wit mre andastandin en big upz 2 da author 4 such wandaz (15 Des. 2010)
> [Was at the beginning, I was like, nee man, what the hell is this? But, I kept on reading, boring as it is, but then as I kept going on, I started finding the story more interesting… Peeps, read with more understanding and big ups to the author for such wonders.]

Verwysings na die Yoza mobi-platform, die verwagtinge ten opsigte van verhale op die platform en die verwysing na en aanspreek van Yoza-administrateurs is aanduidend daarvan dat lesers kennis dra van die oogmerke van die platform. Die kommentaar dui ook op eie lesersverwagtinge na aanleiding van vorige Yoza-leeservarings. Hierdie leser-skrywer (Chocolate) bring sy mening onder Yoza se aandag met vraagstelling, oordrywing en sarkasme. Mondelinge gesprekskonvensies is opvallend:

> Chocolate says: Mayb dis just aint my ting bt i tink dis is sooooo sily. Its supose 2 make us wana cum bak nd read nt dlete yosa nd throw our fones in da bin, nd den burn da bin. Like realy guys? Realy? Wat is dis supose 2 b, i dnt get da point. Bt like i sed mayb its jst nt my ting. (9 Des. 2010)
> [Maybe this just ain't my thing, but I think this is so silly. It's supposed to make us want to come back and read, not delete Yosa and throw our phones in the bin and then burn the bin. Like really guys? Really? What is this supposed to be? I don't get the point. But, like I said, maybe it's just not my thing.]

Die leeservaring van *Painkiller/Pynstiller* blyk veral uit kommentaar wat oor die formaat en inhoud van die verhaal gelewer is. Heelwat kommentaar is oor die formaat van die werk gelewer – die meeste hiervan kritiek. Baie lesers het aangedui dat hulle die verhaal vervelig gevind het. Hierdie leeservaring kan waarskynlik toegeskryf word aan die kort storiesegmente (die meeste lesers het dit as hoofstukke geïnterpreteer) in kombinasie met die vertelstrategie (interne fokalisator). Betreklik min kommentaar is oor die illustrasies gelewer – en ook hier is teenstrydige kommentaar aangetref. Die meeste kommentaar is algemene opmerkings sonder 'n aanduiding van vir wie dit bedoel is; ander opmerkings is spesifiek vir Yoza of vir die skrywer bedoel. Kommentaar vir die skrywer wissel van sarkastiese en afbrekende opmerkings tot aanmoediging en waardering:

> ...mhm... says: 3 dots and thats a chapter?????:e:e oohh! C'mon!!! (5 Des. 2010)
> [Three dots and that's a chapter? Oh, come on!]

> ...CuT!e+B@b@... says: Ok i mst say ths shrt chapters r annoyin me reali nw nd ths is d mst dumbst thng iv eva read nd beliv me iv read alt (3 Des. 2010)
> [Ok, I must say these short chapters are annoying me really now and this is the most dumbest thing I have ever read and believe me I've read a lot.]

;)NickiD+;) says: Oh Gosh ths is sooooo boring, i dnt see the purpose 4 ths story, its so damn stupid!! Fanie Viljoen, ths story of urs is crap, pardon my french, no offense!! (2 Des. 2010)
[Oh gosh, this is so boring. I don’t see the purpose for this story. It’s so damn stupid! Fanie Viljoen, this story of yours is crap, pardon my French, no offence!]

Keo+ says: Id like 2 thank th author,i cldnt slip th other nyt n ths stori reali helpd me fall asleep...its boring (8 Des. 2010)
[I’d like to thank the author. I couldn’t sleep the other night, and this story really helped me fall asleep…it’s boring.]

Ice+master says: Its wonderful nice nd short its attractive nbdy on earth wldnt wnt 2read a short a story (2 Des. 2010)
[It’s wonderful. Nice and short. It’s attractive; nobody on earth wouldn’t want to read a short story.]

Voorbeelde van uiteenlopende kommentaar oor die illustrasies:

Royal+chick says: Well, just reading one sentence makes one wana move to the next. Awesome story line & the images are extremely cool... Keep up e good work!!! (2 Des. 2010)

Silly+Chilly says: Scary prenqz! Lmga.. Ni i bje nyc stori ni, dis al tot wa ek gelees het, sorry, ekt lankal m belangstelling verloor! Ha-ha. (30 Des. 2010 – *Pynstiller*.)
[Scary prentjies! Lag my gat af. Nie ’n baie nice storie nie. Dis al tot waar ek gelees het. Sorry, ek’t lankal my belangstelling verloor! Haha.]

Â«Â¤Â®:)Â»snezzyÂ«:)Â»Â® says: r da drawng suppse 2 spk loudr dn da wrdz n dis drawnz r nt evn gng wit da wrdz,so cha dis znt kul :( (9 Des. 2010)
[Are the drawings supposed to speak louder than words and this drawings are not even going with the words, so ja, this isn’t cool.]

Pandora says: Crazy dope story... The pictures did most of the story line. Wonder who wrote it?... N will we be hearin from him again?:? (3 Des. 2010)

Dit blyk dat die kritiek oor die formaat veral verband hou met die lees op die selfoonskerm. Selfs lesers wat van die inhoud gehou het, het kritiek teen die formaat uitgespreek:

Black+rose says: This is a completly toture to my cell phone screen, 10 chapterz of diz story cn make 1chapter (5 Des. 2010)

$(*)#ff0000@Ã±gÃªÂ£#00ff00P!Ã« says: Lyk seriously! This is damn annoying! Cant they jst make it 1 chapter?!?!!! Eish i cant read 2 lines n click 2 next chapter! Agh! Sowi 2 say it bt itz true! No offence! (2 Des. 2010)
[Like seriously! This is damn annoying! Can’t they just make it 1 chapter? Eish, I can’t read two lines and click next chapter! Argh! Sorry to say it, but its true! No offence!]

Â«*M$.DIMPLâ‚¬Z*Â» says: It wants to be a good story but the one sentence per chapter really sucks....good story bad representation

Kommentaar oor die inhoud is uiteenlopend. Sommige lesers het sterk afkeuring van die tema uitgespreek, ander toon begrip vir die probleem, het waardering vir die tema van die verhaal, of identifiseer daarmee – onder andere ook deur persoonlike ervaring te deel.

Da+dragon+lady spreek byvoorbeeld haar mening sterk uit:

> Da+dragon+lady says: Itz b0rin,disgustn,bad,h0rrbl,terryfn,disastrous,it makez me sick yuck,da auth0r hs n0 taste,lyk hez in grade 3 y0h:-x m u embrassn me hle (1 Des. 2010)
> [It's boring, disgusting, bad, horrible, terrifying, disastrous, it makes me sick, yuck. The author has no taste, like he's in grade 3 yoh :-x m you embarrassing me here.]
>
> $Jae+millz$ says: This sounds evil don't promote evil deeds here (2 Des. 2010)
> [This sounds evil. Don't promote evil deeds here.]

Dreamgal is oortuig daarvan dat die skrywer hulp nodig het:

> Dreamgal says: Shame this is the sad novel i cnt believe sameone cn write samethng so sad special abt life she or he need help. (2 Des. 2010)
> [Shame this is the sad novel I can't believe someone can write something so sad especially about life. She or he needs help.]

Wiseman wonder oor die karakter:

> Wiseman says: dis dude is in serious problem I wnder whts wrng wth dis dude hatng skul lyk dis........ (7 Des. 2010)
> [This dude is in a serious problem. I wonder what's wrong with this dude hating school like this.]
>
> ecliptic+rebel het begrip vir die situasie, hou van die storie en wil graag soortgelyke verhale lees. Die leser het, geoordeel aan die inskrywings, die verhaal oorspronklik in Desember gelees. Uit 'n opmerking van dieselfde leser in Februarie, waar gevra word vir 'n volgende aflewering, blyk dit dat die leser weer na die verhaal teruggekeer het.
>
> ecliptic+rebel says: The story ws awesum cz i cn relate 2 it..its a reminda dat we teenz r veri sensitiv nd sumtymz we so lost,we turn 2 da wrng thngs...wel lovd it nd i want m0re..peace. nd TO GOD B THE GLORY.. (9 Des. 2010)
> [This story was awesome, because I can relate to it. It's a reminder that we teens are very sensitive and sometimes we are so lost, we turn to the wrong things. Well, loved it and I want more. Peace and to God be the glory.]

Mimmy en Cicatrix identifiseer met die ervaring:

> Mimmy says: The craving wil neva go away unles u fulfil it... I shud knw ,i wear long sleeves;) (2 Des. 2010)
> [The craving will never go away unless you fulfill it … I should know, I wear long sleeves.]
>
> Cicatrix says: I remember what it felt like when I used to cut... Amazing how it makes you feel..! (7 Des. 2010)

> Hierdie leser lewer kommentaar oor die hantering van depressie in verskillende kulture en stel ’n oop vraag. Die kommentaar is by die storiesegment waar die verteller homself sny.
>
> B'GLÂ£Â£=BRÃ“Ã‘Ã‡Â£Â® says: *mostly diz thngs r dne by whte ppl we blcks if we r miserable our option z da rope or am i lying?* (31 Des. 2010)
> [Mostly these things are done by white people. We blacks if we are miserable our options the rope or am I lying?]

Soos uit die voorgaande blyk, en ook deur Page (2010:219) en Vosloo (2010c:11) aangedui is, kan kommentaar op skryfwerk goedkeuring of uitdruklike afkeer van die skrywer en die skryfwerk aandui, of voorstelle maak vir verdere hersiening of vir nuwe narratiewe materiaal. In die geval van *Painkiller* is voorstelle aan die skrywer en Yoza gemaak – soms is die voorstelle binne ’n opmerking verskuil, soos Zach se mening dat inligting oor ’n hulplyn met onderwerpe soos hierdie verskaf moet word:

> Zach says: This is great that they are writing about it but they should give a help line or something. Whats the point of reading something that you relate to and not being able to find help. (17 Jan. 2011)

Waar heelparty voorstelle oppervlakkig en/of sarkasties is (“It’s not stimulating like other stories. Totally lacks substance. Get rid of it.”), getuig ander voorstelle van die lesers se begrip van die formaat en inhoud van die verhaal, die kreatiewe proses en respek vir die skrywer. Onderstaande kommentaar wys dat die leser gedink het wat die rede vir die leeservaring is en hoe dit verbeter kan word:

> (H)FLIRTY+SAINT(H) says: Maybe the author should consider turning this story into a poem. i mean the short chapters were beginning to become boring and one couldnt figure out what the story was about. Wounderful title but the story lacked that energy to support the title. But anyway lots of people are creative in many ways. I still think the author could hav done a little bit more to keep the readers wanting more. But anyway big up to the author. (2 Des. 2010)

Die kommentaar van lesers op grond van ander se kommentaar toon interessante tendense. Lesers, soos in enige sosiale groep die geval is, ondersteun mekaar deur ander se menings te bevestig (konformiteit). Die instemming kan aansluit by spesifieke individue of by kommentaar oor die algemeen – byvoorbeeld deur saam te stem dat die werk vervelig is. Wat egter ook in hierdie netwerk opmerklik is, is dat individue teen die algemene opinie ’n standpunt inneem.[19] Dit is veral opvallend hoe die leser-skrywers die skrywer, die teks en Yoza verdedig. In sommige gevalle is die kommentaar op kommentaar uitgebreid en illustreer dit insig met betrekking tot die formaat, inhoud, beelding en styl van die teks. Hierdie leser-skrywers doen dan ook moeite om die teks en waarskynlike bedoeling van die skrywer vir ander lesers duideliker te maak. Waardering word ook uitgespreek teenoor Yoza vir die eksperimentering met nuwe formate en inhoud.

> BULLS says: If one of you can write, then you can complain. Till then – sjoesh! (18 Jan. 2011 – Pynstiller)

> Lucilla says: Cum on guyz wat dnt u get?? ths dude is obviously depresd bwt sumthn n prbbly gothic 2 geez yal mst use ur brainz n gv da author a chance man ai. (3 Des. 2010)
> [Come on guys, what didn't you get? This dude is obviously depressed about something and probably gothic too. Geez, you all must use your brains and give the author a chance man, ai.]

> *JÃ£ÅŠÃ* says: Woorde is min – mense wat tekere gaan en negatief is rondom hierdie storie verstaan nie die dieper seer agter elke woord nie.. "die ink bloei uit die pen".... dit is donker.. maar dit verstaan die seer wat so baie onbewustelik elke liewe dag moet face. briljant. (22 Feb. 2011 – *Pynstiller*)

> Ð©ild+Ã‡hild says: I cant say if its a poem or a story. But i think if you realy read it with a open mind u can analize it like a poem, u fit all the puzle pieces together and see the true meaning of something like this story like you can find love in the weirdest places and u never realy alone if you search long enough there will always be some1 for u. Well the story was different but still good. Thanks yoza for trying something diferent and ignoring the critics. (6 Des. 2010)

> Flower-child says: I agree with mims! Thanx yoza 4 catering 2 the "different" its great 2 cum online and find you not alone,if u havent been thru it u'll never undastand the beauty of the story.every chapter...u guys call it dull and boring, we call it life. (7 Des. 2010)
> [I agree with Mims. Thanks Yoza for catering to the different. It's great to come online and find you're not alone. If you haven't been through it you'll never understand the beauty of the story. Every chapter … You guys call it dull and boring, we call it life.]

> ©Mis+sexy+by+nature© says: Its me again, been readin ur comments n wat i realized ir dat mst of the ppl who say the story suck didn't evn read half of the story n r complain bwt the short chapterz. If u read correctly thz nuthn sayn read chapter 1, its jst writen read 1, to show that those r scenes so they wnt b as lng az chaptz8o. I lv u yoza! Keep on bringin da gwd stuff n stil big ups 2 the story.:) (6 Des. 2010)
> [It's me again, been reading your comments and what I realised is that most of the people who say the story sucks didn't even read half of the story and are complaining about the short chapters. If you read correctly there's nothing saying read chapter 1, its just written read 1, to show that those are scenes so they won't be as long as chapters. I love you yoza! Keep on bringing the good stuff and still big ups to the story. (smile)]

Royal+highness se bydrae in twee opeenvolgende boodskappe verwys spesifiek na die eie leeservaring, voorspelbare genres en leserverwagtinge. Sy noem dat sy die verhaal baie keer gelees het ('n ervaring wat sy met verslawing vergelyk), spreek ander lesers aan oor hulle leesgewoontes en -verwagtinge, verbind die verhaaltema met die werklikheid, en kontrasteer geromantiseerde voorspelbare verhale met realistiese verhale.

> Royal+highness says: Word power,nw this is it,tired of all the soapy riting...read this a lot of tyms n i am hooked like a junkie (8 Des. 2010)
> [Word power. Now this is it. Tired of all the soapy writing…read this a lot of times and I am hooked like a junkie.]

> Royal+highness says: Yall r watchng 2 much soapies n u fantasize a lot,u wnt happy endings always...get a lyf n start reading real stuff (8 Des. 2010)
> [You all are watching too much soapies and you fantasise a lot. You want happy endings always…get a life and start reading real stuff.]

*5.1.1 Confessions of a virgin loser – Now that's real stuff.*

In die kommentaar is daar verwysings na ander literatuur en genres – byvoorbeeld verwysing na *Die drie beertjies*, *Hamlet*, Shakespeare, sepies en poësie. Lesers vergelyk die verhaal ook met ander tekste in die verhaalbank en medegebruikers word aangeraai om spesifieke verhale te lees. Dit is ook die geval met 5$$$$5, wat min beïndruk is met *Painkiller* ("this is so lame") – die leser verkies oënskynlik *Confessions of a virgin loser* ("now that's real stuff"). Viljoen se *Confessions of a troubled young man* het ook in die Confessions-reeks verskyn. Hierdie verhaal is 'n verwerking deur Sipho Hlongwane van Viljoen se Afrikaanse m-roman *Uit*. In die verwerking is sommige aspekte verander – die rugbytema het byvoorbeeld 'n sokkertema geword (Viljoen 2012b). Sodanige veranderinge is moontlik op grond van die openbare-domein-kopiereg (Creative Commons 2012; Viljoen 2012b).

'n Vergelyking tussen die stemresultate (soos beskikbaar op 29 Maart 2012) van die gewildheid van die twee verhale en die weergawes in verskillende tale dui opvallende verskille aan. Dit is duidelik dat lesers se menings oor *Painkiller* en *Pynstiller* baie meer uiteenlopend is as in die geval van *Uit* en *Confessions*, wat as oorwegend positief ervaar is.

**Tabel 1. Stemresultate van leseropinies van Fanie Viljoen se m-romans op Yoza**

| Wat het jy gedink van … | *Pynstiller* | *Painkiller* | *Uit* | *Confessions of a troubled young man* |
|---|---|---|---|---|
| Dit het gerock! / It rocked! | 19% | 16% | 42% | 31% |
| Dit was goed / It was great | 20% | 15% | 29% | 36% |
| Dit was oukei / It was ok | 21% | 20% | 13% | 19% |
| Dit was nie regtig my smaak nie / It wasn't really my thing | 13% | 15% | 5% | 6% |
| Dit was goor! / It sucked! | 25% | 31% | 8% | 7% |

Die algemene afleiding wat gemaak kan word, is dat die meerderheid lesers op hierdie platform m-romans in "konvensioneler" formate en met minder konfronterende inhoud verkies. Daar is egter ook lesers wat die behoefte uitspreek aan meer uitdagende tekste en leeservarings.

***5.2 Sny. Ek het. Jare gelede.***

> Sny. Ek het. Jare gelede. Di letsels sit as bewys van di lewe wat ek alreeds oorleef het. Tekens van oorwinning. Tekens dat, ten spyte van alles, ek steeds hier staan. Om te sny verdoof vi n oomblik jo hart en jo brein, laat jo toe om vi n sekonde weer asem te

> haal. Al di gif in jo binneste loop saam met daardie bloed uit. (Ina Jooste, 6 Julie 2009 om 06:38 nm. deur sellulêr)

Die tema van *Pynstiller* en die gesprekke op die Facebook Pynstiller-groep toon besondere ooreenkoms met die bespreking van wat Page (2010:222) “the narrative of illness” noem. In haar ondersoek van outobiografiese webjoernale het sy (2010:220; 2011:225) gevind dat die vermoë van die webjoernaal om ’n voorheen onbekende gehoor te bereik en hier met ander in wisselwerking te kan tree, ’n sentrale vormende faktor is ten opsigte van narratiewe van siekte wat aanlyn vertel word. Vir persone wat met die trauma van kritieke siektes (in hierdie geval kanker) gekonfronteer word, word die webjoernaal ’n ruimte vir terapeutiese selfuitdrukking en ’n bron vir leke mediese inligting en aanlyn-ondersteuning (Page 2010:220; vgl. ook Whitlock e.a. 2006). Hierdie kenmerke is ook waarneembaar in die Pynstiller-groep.

Die volgende kommentaarkategorieë kan in die Pynstiller-groep onderskei word: (i) kommentaar oor die idee van die boek, die inhoud en die illustrasie – hierdie kommentaar is veral by die betrokke (foto)bladsy geplaas; (ii) opmerkings na aanleiding van spesifieke vrae wat Viljoen op die gespreksforum gevra het, byvoorbeeld oor die voorkoms van selfskending in Bybelse tye; (iii) vertellings oor eie geneigdheid tot selfskending – sommige persone noem dit slegs, terwyl dit vir ander ’n probleem blyk te wees; (iv) bemoedigende en ondersteunende kommentaar na aanleiding van die voorafgaande; (v) inligting, soos statistiek, hulporganisasie of webwerwe wat met die aangeleentheid verband hou; (vi) kreatiewe reaksie van een of ander soort, hetsy die aanhalings of verwysings na bestaande werk, of deur self kreatief te wees (soos ’n gedig oor selfskending). [20]

In haar bespreking van bogenoemde webjoernale let Page (2011:220–38) onder meer op die wisselwerking wat deur middel van die kommentaar tussen die blogger en die gehoor plaasvind; evaluasie in vertellings; storiegenres; en die gebruik van hiperskakels. Page (2011:228) beredeneer dat die interaktiewe aard van webjoernale nie tot digitale hulpbronne beperk is nie, maar ook deur vertellers se linguistiese keuses beïnvloed word. Sy ontleed vervolgens die webjoernaalinskrywings aan die hand van Labov (1972, 1997) se narratiewe raamwerk (met besondere aandag aan die evalueringsmiddele) en Martin en Plum (1997) se tipologie van storiegenres. In natuurlike vertellings beklemtoon die verteller bepaalde aspekte van die vertelling deur middel van evaluering (Labov 1972). Hierdie evaluering behels die identifisering van ’n evaluerende hoogtepunt – gewoonlik die “mees vertelbare gebeurtenis” – en word gekommunikeer deur meganismes soos beklemtoning (herhaling, rituele uitinge, oordrewe kwantifisering) en vergelyking (oortreffende woorde, negatiewe, vrae en hulpwerkwoorde) (Page 2011:228–34). Na aanleiding van Martin en Plum (1997) se tipologie van storiegenres (vertelling, exumplum, anekdote en narratief) identifiseer Page ’n bykomende onderskeibare subgenre, naamlik die refleksiewe anekdote. Waar ’n anekdote gebruik word om ’n gevoelsmatige of humoristiese aspek van ’n verteller se ervaring oor te dra, is die oogmerk met die refleksiewe anekdote om emosionele opvoeding vir die gehoor te verskaf (Page 2010:229, 234).

Die gebruik van kort anekdotes is opvallend in die Pynstiller-groep. Die taalgebruik en verskeie wyses van beklemtoning in die anekdotes kan aanduidend wees van evaluering deur die verteller sowel as van die emosionele afstand ten opsigte van die gebeure. Taalgebruik en beklemtoning kan egter ook, soos in 4.3 geïllustreer, as stylmiddel ingespan word om ’n bepaalde effek te bewerkstellig. Groepslede het op mekaar se inskrywings gereageer deur van hul eie ervaring te vertel en/of die ondersteuning en aanmoediging te verskaf – onder meer deur te vertel hoe hulle self die probleem gehad het en dit intussen leer hanteer het. Colette Pretorius reageer as volg op ’n groepslid se opmerking dat sy selfmoord oorweeg – die gestroopte styl van die inskrywing is opmerklik:

> Wel Marelize, ek hoop van harte dit het nie gewerk nie! Nee man jong! Ek ken daai gevoel. Was al self meermale daar. Het al selfs tot die daad oorgegaan. En in ’n hospitaal wakker geword. In die tyd wat vir ewig vir my verlore is het ek glo telkemale van die hospitaal se dak wou spring. En ek weet dat ek myself met my selfoon se koord wou hang ook. Dit onthou ek. Die ding is, daai donker is ’n fase. Ja, dit kom weer. Maar dit verdwyn ook. En dan kan mens leef. En daar is rede om te leef. Kyk op. Kyk om jou. (18 November 2009 om 02:03 nm. deur sellulêr)

Individue soos Colette Pretorius het ’n aktiewe rol gespeel deur reaksie op en wisselwerking met ander gespreksgenote, onder andere deur direkte aanspreek by name.

Waar party groepslede met baie vrymoedigheid oor hulle eie ervaring geskryf het, het ander individue verkies om nie private inligting op die openbare “muur” te plaas nie, maar hul eie ervaring met selfskending in persoonlike boodskappe met Viljoen gedeel (Viljoen 2012b). Dit is waarskynlik dat individue ook direk met mekaar gekorrespondeer het en ondersteunende rolle vertolk het. Die ondersteuningsbasis is verbreed deur inligting, soos raad van Esmé van Rensburg van die Noordwes-Universiteit oor hoe om die aangeleentheid te hanteer, en verwysings na bestaande aanlyn-ondersteuningsgroepe op Facebook. [21] Die behoefte wat op Yoza vir ’n hulplyn uitgespreek is (4.1), is sodoende in hierdie Facebook-groep verwesenlik.

Benewens kommentaarbydraes bied die gebruik van hiperskakels op ’n webjoernaal (of soortgelyke sosiale netwerke) bykomende en andersoortige interaktiewe potensiaal (Page 2011:227). Aangesien hiperskakels webbladsye eerder as gebruikers verbind, is dit primêr intertekstueel van aard. Hiperskakels kan die leser se beweging in die betrokke webjoernaal asook op die internet as sodanig beïnvloed. Op Facebook word navigerende hiperskakels outomaties geskep, byvoorbeeld vanaf die “muur” na ander dele van die betrokke Facebook-blad, asook na persoonlike Facebook-profiele van groepslede.[22] Hiperskakels het egter ook ’n sosiale dimensie en mag ’n aanduiding wees van wat die webjoernaal of individuele gebruikers as goed beskou – hetsy deur die betrokke verwysings self of deur die ligging van die skakel in die webjoernaal (Page 2011:227).[23] In die geval van die Pynstiller-groep gee die hiperskakels wat deur gebruikers verskaf word, ’n goeie aanduiding van die uitgebreide digitale netwerk en verwysingswêreld van die groepslede. Benewens bogenoemde skakels na ondersteuningsgroepe met ’n Facebook-teenwoordigheid, is daar ook skakels na die aanlyn-videoplatform YouTube, ’n uitnodiging na die oorkoepelende projek se Facebookblad, en skakels van Viljoen na spesifieke titels op aanlynboekwinkels en sy eie webtuiste. Die meeste

van die skakels is deur Viljoen self geplaas – hierdeur het hy sy verbintenis met die groep bevestig, asook die geleentheid vir bemarking benut.

Aansluitend by die hiperskakels is gebruikers se intertekstuele verwysings na literêre tekste en musiek, soos Sylvia Plath se *Bell Jar*, die skrywer Anne Rice, en die musiekgroep The Dresden Dolls se "Bad Habit". In haar kommentaar verwys Liesbet Gelderblom na haar assosiasie tussen The Distillers en die teks:

> Pynstiller het my weer laat onthou van een van my gunsteling bands: The Distillers. Het dit so lanklaas geluister en kan nou nie ophou nie. Behalwe dat die name baie dieselfde klink, pas die musiek ook nogal by Pynstiller. Gaan luister bietjie. (9 September 2009 om 02:58 nm.)

Uit Viljoen se sketsboek en joernaal (2009a) blyk dit dat sy eie belangstelling aansluit by dié van Pynstiller-groepslede. Ten opsigte van sy illustrasiestyl verwys hy na ’n Frank Miller-styl en Tim Burton-tipe karakters, en noem musiek waarna hy geluister het terwyl hy aan die illustrasies gewerk het: The Smashing Pumpkins se "Adore", "Behold the nightmare", "To Sheila"; My Chemical Romance se "Welcome to the Black Parade".

In ’n refleksie-aantekening op 8 Maart 2009 skryf Viljoen dat genoemde CD’s die perfekte klankbaan vir die grafiese verhaal kan wees. Elders meld hy dat hy na Nick Cave se "Dig, Lazarus, Dig!" geluister het. In *Pynstiller* luister die eerstepersoonsverteller voor die klimaks van die verhaal na Nick Cave se "Death is not the end" (Viljoen 2010a). Die sinsnede "Ek haat my lewe", wat die verteller na aanleiding van ’n opstelopdrag skryf, is ’n vertaalde titel van een van die groep Theory of a Deadman se liedjies (Viljoen 2009a). Klaarblyklik het ’n groep deur die Pynstiller-Facebook-blad tot stand gekom wat soortgelyke belangstellings en behoeftes het, en wat ’n gemeenskaplike verwysingsraamwerk deel wat grootliks gevorm word deur blootstelling aan moderne kommunikasietegnologie en ’n aanlynwêreld.[24]

Dit is veral die bydraes van eie kreatiewe skryfwerk wat in die Pynstiller-groep opval. Die behoefte wat Walton (2009:viii) geïdentifiseer het en graag op Yoza mobi wil bewerkstellig, naamlik dat tieners ook as skrywers bemagtig moet word, het in hierdie Facebook-groep spontaan gerealiseer. (Sien ook 4.3 oor die ongelyke digitale toegang en tieners se verstaan van webkonvensies en van hulself as skrywers.) Genoemde kreatiewe bydraes (poësie en prosastukkies) hou verband met die tema van selfskending, of met die belewing van soortgelyke ervaringe of emosies.

Kreatiewe bydraes is van skrywers van verskillende ouderdomsgroepe ontvang. ’n Gedig wat die digter Ronelda S. Kampfer ingestuur het en wat in die groepnotas verskyn het, "Sny Sannie", is later in die jeugdigbundel *Toulopers* opgeneem. Soos in 4.4 aangetoon, kan die bydraes wat as kommentaar beskou kan word, ook in essensie ’n kreatiewe representasie wees. Die feit dat die kernnarratief ’n kreatiewe werk is, en dat die skrywer (Fanie Viljoen) die groep gestig het en deurgaans daarby betrokke was, het waarskynlik ’n belangrike invloed gehad het op die soort bydraes wat ontvang is.

Ten opsigte van die titel, *Pynstiller,* skryf Viljoen in sy sketsboekjoernaal (2009a): "[Die titel] verwys na die selfvernietigende daad waar tieners hul velle sny om 'n innerlike pyn te stil. Ook na die moontlike stil van die pyn wat lê in die Emogirl." In die kommentaar en bydraes op die Pynstiller-groep is die direkte en indirekte verwysings na pyn en die stil daarvan opvallend. Dit is duidelik dat, met die grafiese verhaal as katalisator, 'n gespreksruimte ontstaan het waar deelnemers sonder die vrees van verwerping op verskeie wyses oor hierdie sensitiewe onderwerp en die belewenis daarvan kon gesels. Alhoewel die daad as negatief en potensieel skadelik gesien word, het die deelnemers begrip getoon vir die aangeleentheid en die moontlike redes hiervoor, en deernis met gespreksgenote geïllustreer. Viljoen se deelname en kommentaar was betreklik neutraal, dog ondersteunend. Hierdie groep het 'n ruimte vir terapeutiese selfuitdrukking en aanlyn-ondersteuning (Page 2010:220; Whitlock e.a. 2006:415) geword wat individue die geleentheid gebied het om oor hulle eie ervarings te kon praat en sodoende moontlik kon bydra om pyn te stil; om deur middel van kreatiewe skryfwerk hulle eie of gedeelde ervarings te formuleer en sodoende ook aan ander "stem" te gee; om deur ondersteuning ander se pyn te probeer stil; en deur saam oor die onderwerp te gesels tot 'n bewussyn van die aangeleentheid by te dra. Gespreksgenote kon op hierdie wyse die titel van die primêre narratief, *Pynstiller*, en die Pynstiller-groep, konkreet vergestalt.

## 6. Samevatting

In die bespreking van haar raamwerk van narratiewe wisselwerking wys Page (2010:220) daarop dat dimensies van gebruiker-teks- en gebruiker-gebruiker-wisselwerkings in oop konfigurasies gekombineer kan word, en dat hierdie kombinasies die belangrikheid en rykheid van die diskoerskonteks beklemtoon. Elders beklemtoon sy (Page 2011:221) dat die verhouding tussen die kommentaar en vertelling binne die gelokaliseerde konteks verstaan moet word. Die oop konfigurasies, die rykdom van diskoerskontekste en die uniekheid van elke situasie word besonderlik geïllustreer deur Fanie Viljoen se *Pynstiller/Painkiller* in verskillende Web 2.0-kontekste.

Page (2010) se raamwerk vir narratiewe wisselwerking het geblyk 'n waardevolle hulpmiddel te wees om hierdie spesifieke diskoerskontekste te ontleed. Aan die hand van die raamwerk waarin die leser-teks-wisselwerking sowel as die kontekstuele faktore wat die leser-leser-wisselwerking beïnvloed, in ag geneem word, kon die verskillende *Pynstiller/Painkiller*-kontekste beskryf en geïnterpreteer word. Hierbenewens het die spesiale aandag aan die rol van die skrywer bepaalde uitwerkinge van skrywersbetrokkenheid in die ontwikkelende narratief aan die lig gebring. Die interaktiwiteit en wisselwerking in die onderskeie diskoersnetwerke toon unieke kenmerke – ongeag die feit dat dieselfde primêre narratief ter sprake is en soortgelyke terugvoermeganismes beskikbaar is.

Die diskoers op die mobisite Yoza Cellphone Stories het veral gehandel oor die formaat en tema van die eksperimentele m-roman, naamlik die selfoonweergawe van die grafiese verhaal *Pynstiller/Painkiller*. Lesers se uiteenlopende reaksies op die leeservaring is in wisselende

nuanses verwoord. Uit die leserskommentaar blyk dit duidelik dat gebruikers hulleself as deel van ’n netwerk sien waarin verskeie persone en funksionarisse deel het en waar elkeen ’n mening mag uitspreek. In hierdie geval was die skrywer, Fanie Viljoen, as sodanig nie deel van die wisselwerking binne die netwerk nie. Die leserskommentaar kan wel ’n direkte en indirekte invloed uitoefen op die skrywer se toekomstige werk, of op die formaat en genre van m-romans op die bepaalde platform. In die geval van die Pynstiller-groep op Facebook was die skrywer die inisieerder van die groep en het hy ’n belangrike rol as fasiliteerder vertolk. Op hierdie platform het ’n gesprek oor die tema as sodanig ontstaan en het gespreksgenote ’n verskeidenheid bydraes gelewer. Die groep het ’n ruimte vir terapeutiese selfuitdrukking en aanlynondersteuning geword.

Deelnemers het waardering getoon vir die formaat van die kernnarratief, begrip geïllustreer vir die sensitiewe aard van die aangeleentheid en op verskeie wyses bygedra tot die samehang van die groep. Die sekondêre narratief het ’n konkrete vergestalting geword van die titel van die primêre narratief, *Pynstiller*, deurdat deelnemers aan die gesprek op verskeie wyses stem gekry het waardeur die pyn verwoord of gestil kan word.

Uit die ontleding van die twee netwerkkontekste van *Pynstiller* het dit duidelik geword dat die tydsduur en tydgleuf ’n belangrike aspek van die diskoerskonteks is en ’n onafwendbare invloed op die narratief het. Soos met elke gesprek en met enige gemeenskap die geval is, wissel die gespreksdinamiek van tyd tot tyd, verander onderlinge verhoudinge voortdurend en loop die gesprek langsamerhand dood. ’n Diskoers het ’n lewensiklus van sy eie. Op die Yoza mobi-platform het die meeste kommentaar verskyn kort nadat *Painstiller* en *Painkiller* in die verhaalbank beskikbaar gestel is. Aangesien die tekste steeds deel van die verhaalbank is, word kommentaar met verdrag bygevoeg. Die diskoers binne hierdie konteks benodig weinig intervensie van ’n modereerder of betrokkenheid van ’n gespreksleier, met die gevolg dat die aktiwiteit en gesprekke onbepaald kan voortgaan met nuwe lesers wat met die betrokke teks en die sosiale netwerk kennis maak (en die vroeëre kommentaar wat al hoe dieper buite sig wegsak). Tegniese aanpassing met betrekking tot terugvoermeganismes of veranderings in die netwerkeienskappe sal die ontwikkelende diskoersnarratief onafwendbaar beïnvloed.

In die geval van die Pynstiller-groep op Facebook het die aktiwiteit drasties afgeneem nadat alle bladsye geplaas is en Fanie Viljoen nie meer aktief by die groep betrokke was nie. Met die grootskaalse veranderings van Facebook in Januarie 2012, wat ook die migrasie van groepe behels het, is die groepslede verwyder. Alhoewel die bydraes tot die gesprek nog op die internet beskikbaar is, het hierdie groep vir praktiese doeleindes opgehou bestaan. Dat dit ook elders die geval is, en waarskynlik in ’n groot mate kenmerkend is van internetpublikasies en sosiale netwerke in Web 2.0-konteks, blyk daaruit dat die grootskaalse projek wat Page beskryf het, *A million penguins*, ook nie meer op die betrokke platform beskikbaar is nie. Hierdie projek het ’n betreklik kort leeftyd gehad voordat dit deur “internetplakkers” oorgeneem is en later deur die borge verwyder is. Die kortstondige bestaan en brose aard is kenmerkend van internetforums (Wallace 1999:56).

Uit die twee publikasiekontekste van *Pynstiller/Painkiller* het dit geblyk dat die skrywer 'n belangrike en selfs bepalende rol kan speel ten opsigte van interaktiwiteit en wisselwerking wat om die kernnarratief in aanlyngemeenskappe plaasvind. Die skrywer bepaal, deur kreatiewe besluite en uitvoering, grootliks die moontlikhede, aard en omvang van leser-teks-wisselwerking. Die skrywer word ook deurgaans in die drie kontekstuele faktore van leser-leser-wisselwerking van Page se raamwerk geïmpliseer.

Page se raamwerk van narratiewe wisselwerking kan uitgebrei word deur pertinent op die rol van die skrywer te let – veral in die gevalle waar 'n duidelik onderskeibare kernnarratief ter sprake is. Hierbenewens word in sekere sosialenetwerk-kontekste, soos waar m-romans vir 'n jong gehoor bedoel is, bepaalde modereringsfunksies uitgevoer wat die ontwikkelende gespreksnarratief in 'n mindere of meerdere mate beïnvloed. Die aard en rol van sodanige modereerder kan saam met dié van die skrywer in ag geneem word.

Page se raamwerk van narratiewe wisselwerking kan vervolgens verfyn word deur, benewens die drie geïdentifiseerde kontekstuele faktore van leser-leser-wisselwerking (terugvoermeganismes, netwerkeienskappe en narratiewe eienskappe), ook die rol van die skrywer en modereerder in ag te neem. Die volgende aspekte kan in dié verband onderskei word: geen betrokkenheid; die aard en invloed van moderering (modereerdersrol); teenwoordigheid van die skrywer en aard van deelname in die ontwikkelende narratief (skrywersrol); en die tydperk en tydsduur van die wisselwerking.

'n Verhaal is 'n storie wat die verteller weef. Wanneer ander saamgesels, word nuwe stories vertel. Die verskillende storiedrade en wyses waarop dit verweef word, word as't ware 'n nuwe groter verhaal – weliswaar losser geweef, maar dit onthul baie van die mense wat saamvertel het; van 'n besondere gemeenskap wat in 'n beperkte tyd en bepaalde konteks 'n netwerk gevorm het.

**Bibliografie**

Alexander, B. 2011. The new digital storytelling: Creating narratives with new media. Santa Barbara, California; Denver, Colorado; Oxford, England: Praeger.

Bloemhof, F. 2000. Bangmaakstorie. Storiewerf Gril!grot. (12 April 2012 geraadpleeg).

Creative Commons. 2012.(24 April 2012 geraadpleeg).

Deumert, A. 2010. *Klk cc*... Supporting indigenous literacies in the digital space.(10 April 2012 geraadpleeg).

Genette, G. 1997. *Paratexts: thresholds of interpretation.* Cambridge: Cambridge University Press.

Greyling, F. 2011. Tieners in die kuberwêreld – kan jeugromans byhou? (8 Maart 2012 geraadpleeg).

—. 2012. Kreatiewe remediasie van *Pynstiller* deur Fanie Viljoen: Van kortverhaal na grafiese verhaal. *Literator,* 33(1): (in druk).

Greyling, F., I. Marley en L. Combrink (reds.). 2011. *Oor die einders van die bladsy: katalogus*. CD. Potchefstroom: Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Noordwes-Universiteit.

Grishakova, E. en M. Ryan (reds.). 2010. *Intermediality and storytelling.* Berlyn en New York: Walter de Gruyter.

Grobler, C. 2009. Grafiese verhaal bladsy vir bladsy op Facebook geplaas. *Jip*, Bylae tot *Volksblad,* 17 Augustus, bl. 6.

Harper, G. 2011. Editorial. Making connections: Creative Writing in the 21st century. *New Writing*, 8(3):203–5. (25 November 2011 geraadpleeg).

Jacobs, J. (samest.). 2011. *Toulopers.* Pretoria: LAPA Uitgewers.

Jenkins, H., K. Clinton, R. Purushotma, A.J. Robison en M. Weigel. 2005. Confronting the challenges of participatory culture: Media education for the 21st century. White Paper. MacArthur Foundation.(15 Maart 2012 geraadpleeg).

Labov, W. 1972. *Sociolinguistic patterns.* Philadelphia, PA: University of Pennsylvania Press.

—. 1997. Some further steps in narrative analysis. *Journal of Narrative and Life History*, 7(1–4):395–415.

Lotherington, H. 2011. Digital narratives, cultural inclusion, and educational possibility: Going new places with old stories in elementary school. In Page (red.) 2011.

Mackey, M. 2001. The survival of engaged reading in the internet age: New media, old media, and the book. *Children's Literature in Education*, 32(3):167–89. (8 Maart 2012 geraadpleeg).

Mallan, K. 2008. Space, power and knowledge: The regulatory fiction of online communities. *International Research in Children's Literature*, 1(1):66–81. (27 Maart 2012 geraadpleeg).

Marley, I.R. 2012. An investigation of the appropriateness of the Theory of Organisational Knowledge Creation as management model for practice-led research. *Literator*, 33(1) (in druk).

Martin, J.R. en G.A. Plum. 1997. Construing experience: some story genres. *Journal of Narrative and Life History*, 7(1–4):299–308.

Mason, B. en S. Thomas. 2008. A million penguins research report. Institute of Creative Technologies, De Montfort University, Leicester, UK. (25 April 2012 geraadpleeg).

Miller, C.H. 2008. *Digital storytelling: A creator's guide to interactive entertainment.* Tweede uitgawe. Amsterdam: Focal Press, Elsevier.

Miskec, J. en C. McGee. 2007. My scars tell a story: self-mutilation in Young Adult Literature. *Children's Literature Association Quarterly,* 30(2):163–78.

Nel, M. en A. Vermaak (samests.). 2010. *Skreeu en ander verhale.* Pretoria: LAPA Uitgewers.

Ong, W.J. 1982. *Orality and literacy: technologizing of the word.* Londen: Routledge.

O'Reilly, T. 2005. What Is Web 2.0 design patterns and business models for the next generation of software. (26 April 2012 geraadpleeg).

Page, R. 2010. Interactivity and interaction: Text and talk in online communities. In Grishakova en Ryan (reds.) 2010.

—. 2011. Blogging on the body: Gender and narrative. In Page en Thomas (reds.) 2011.

Page, R. en B. Thomas (reds.). 2011. *New narratives: Stories and storytelling in a digital age.* Lincoln en Londen: University of Nebraska Press.

Pynstiller. 2009. (8 Maart 2012 geraadpleeg).

Reynolds, K. 2007. Self-harm, silence, and survival: despair and trauma in children's literature. In Reynolds (red.) 2007.

Reynolds, K. (red.). 2007. *Radical Children's Literature: Future visions and aesthetic transformations in juvenile fiction.* New York: Palgrave.

Ryan, M. 2004. Will new media produce new narratives? In Ryan (red.) 2004.

—. 2006. *Avatars of Story*. Minneapolis: Minnesota University Press.

—. 2011. The interactive onion: Layers of user participation in digital narrative texts. In Page en Thomas (reds.) 2011.

Ryan, M. (red.). 2004. *Narrative across media: The languages of storytelling*. Lincoln en Londen: University of Nebraska Press.

Senekal, B.A. 2009. Vervreemding in Fanie Viljoen se *BreinBliksem* (2005). *Stilet,* XX1(1):101–18.

Statement of rights and responsibilities. 2012.(8 Junie 2012 geraadpleeg).

Thomas, B. 2011. "Update Soon!" Harry Potter fanfiction and narrative as a participatory process. In Page en Thomas (reds.) 2011.

Thomas, S., C. Joseph, J. Laccetti, B. Mason, S. Mills, S. Perril en K. Pulinger. 2007. Transliteracy: Crossing divides. *First Monday*, 12. (25 April 2012 geraadpleeg).

Thomas, S. 2008. Foreword. In Miller (red.) 2008.

Viljoen, F. 2003. Die wraak van Erik, die vampire. Storiewerf Gril!grot. (12 April 2012 geraadpleeg).

—. 2009a. Sketsboek en joernaal (A4-sketsboek). *Oor die einders van die bladsy*-projek. Ongepubliseer.

—. 2009b. *Pynstiller*. http://www.facebook.com/?ref=home#!/group.php?gid=94259061126 (14 September 2010 geraadpleeg).

—. 2009c. *Painkiller*. (14 September 2010 geraadpleeg).

—. 2009d. Fanie Viljoen. (11 Augustus 2011 geraadpleeg).

—. 2010a. *Pynstiller* (Grafies). Selfpublikasie.

—. 2010b. Persoonlike onderhoud met die navorser, 8 April 2010, Randburg. Opname in besit van navorser.

—. 2010c. *Pynstiller*. In Nel en Vermaak (samests.) 2010.

—. 2010d. *Pynstiller*. (14 September 2011 geraadpleeg).

—. 2010e. *Painkiller*. (14 September 2011 geraadpleeg).

—. 2010f. *Painkiller*. Persoonlike korrespondensie met navorser. 25 Oktober 2010.

—. 2010g. Selfoonromans. Persoonlike korrespondensie met navorser. 2 November 2010.

—. 2010h. *Pynstiller*-selfoonstories. Persoonlike korrespondensie met navorser. 6 Desember 2010.

—. 2011a. *Pynstiller*. In Greyling, Marley en Combrink (reds.) 2011.

—. 2011b. Persoonlike korrespondensie met navorser. 8 Augustus 2011.

—. 2012a. Persoonlike korrespondensie met navorser. 28 Februarie 2011.

—. 2012b. Persoonlike mededeling aan navorser. 2 April 2012.

—. 2012c. Persoonlike mededeling aan navorser. 5 Mei 2012.

Vosloo, S. 2010a. About the project. Background. (28 Maart 2012 geraadpleeg).

—. 2010b. Statistics and findings for Kontax 2: The Big Win. (28 Maart 2012 geraadpleeg).

—. 2010c. M4Lit Project report. Shuttleworth Foundation. (28 Maart 2012 geraadpleeg).

Wallace, P. 1999. *The psychology of the internet.* Cambridge: Cambridge University Press.

Walton, M. 2009. Mobile Literacies & South African teens: Leisure reading, writing, and Mxit chatting for teens in Langa and Guguletu. (28 Maart 2012 geraadpleeg).

Web 2.0. 2012 (19 April 2012 geraadpleeg).

Whitlock, J.L., J.L. Powers en J. Eckenrode. 2006. The virtual cutting edge: The internet and adolescent self-injury. *Developmental Psychology*, 42(3):407–17.

Whitlock, J. 2010. *What is self-injury?* Cornell Research Program on Self-Injurious Behavior in Adolescents and Young Adults. (20 Augustus 2012 geraadpleeg).

Yoza Cellphone Stories. s.j. (8 Maart 2012 geraadpleeg).

Yoza manifesto. s.j. (24 April 2012 geraadpleeg).

Yoza terms of use. s.j. (24 April 2012 geraadpleeg).

**Eindnotas**

[1] Fanie Viljoen is ’n veelsydige en veelbekroonde skrywer wat in ’n verskeidenheid genres werk, waaronder radiodramas, kortverhale en poësie. Hy is veral bekend as skrywer van kinder- en jeugliteratuur, insluitend jeugromans soos *BreinBliksem* (Goue Sanlamprys vir jeuglektuur – 2005; M.E.R.-prys vir jeuglektuur – 2005), *Onderwêreld* (Silwer Sanlamprys vir jeuglektuur – 2007; ATKV-Woordveertjie – 2009), *Betower* (Naaswenner in LAPA se jeugromankompetisie – 2011). Heelparty van Viljoen se werk kan as spekulatiewe fiksie beskou word, met elemente van die paranormale, byvoorbeeld die gotiese roman *Miserella*, grilverhale soos *Geraamte in die klas* en die bundel *Spoke en ander gruwelike goed*, en die wetenskapfiksiereeks *Nova*. Die leefwêreld en kultuur van eietydse jongmense vorm dikwels deel van sy werk. Die aktuele en kontroversiële jeugroman *BreinBliksem*,waarin eietydse musiek en problematiek sterk figureer, is reeds twee maal in toneeltekste verwerk en verskeie kere opgevoer (Senekal 2009:101). Benewens skrywer is Viljoen ook ’n skilder en illustreerder, ondermeer van sy eie kinderboeke, soos *Kaptein Hamerkophaai* en *Slym*. Viljoen is goed vertroud met digitale tegnologie en die internet, soos blyk uit sy skrywerswebtuiste, Facebook-profiele, deelname aan digitale gespreksforums en die gebruik van bemarkingsmoontlikhede van die internet.

[2] Fanie Viljoen het die verhaal aanvanklik in Engels geskryf, maar dit later in Afrikaans vertaal as *Pynstiller*. Hierdie kortverhaal (Viljoen 2010c) is opgeneem in die jeugbundel *Skreeu en ander verhale* (Nel en Vermaak (samests.) 2010).

[3] Fanie Viljoen se persoonlike Facebook-profiel, aanhangers van sy jeugroman *BreinBliksem* en *bbx BreinBliksem*, die verhoogdrama van *BreinBliksem*.

[4] Kommentaar wat op Facebook en Yoza.mobi gelewer is, word verbatim aangehaal. Die verwysings na die tyd en datum van plasing word in soortgelyke formaat verskaf as wat dit op die betrokke platform gebruik word. Op Facebook is die kommentaar beskikbaar by die Pynstiller-groep en die Painkiller group. Die kommentaar op Yoza.mobi is beskikbaar by http://yoza.mobi/stories/23 (*Pynstille*r) en http://www.yoza.mobi/stories/24 (*Painkiller*). Die meerderheid kommentaar is by die Engelse weergawe (*Painkiller*) gelewer. Waar dit op die Afrikaanse weergawe (*Pynstiller*) gelewer is, is dit so aangetoon.

[5] Die gebruikersname word geplaas soos dit op Yoza Cellphone Stories se webblad verskyn. Die vreemdheid van sommige name kan moontlik aan die oorskakeling tussen media (van selfoon na web) toegeskryf word.

[6] Alhoewel vorme van interaktiwiteit in alle literatuur aangedui kan word, word digitale sisteme veral op grond van die interaktiewe kenmerke daarvan van ander media onderskei (Page 2010:208; Ryan 2011:35; Miller 2008:4, 54). ’n Opreg interaktiewe sisteem behels volgens Ryan (2011:35) nie slegs keuse nie, maar ook ’n tweesydige poging waardeur ’n terugvoerlus geskep word. Hierdie twee partye kan twee mense wees soos in gesprek of orale storievertelling; dit kan ’n agent en die wêreld as geheel wees; of dit kan ’n mens en ’n programmeerbare masjien wees wat ’n verstand (“mind”) of dinamiese omgewing kan skep.

[7] Miller (2008:56) verduidelik die gebruik van verskillende terme om na die persoon te verwys wat in ’n interaktiewe omgewing betrokke is (*speler*, *besoeker*, *deelnemer*). Die term *gebruike*r word verkies, aangesien dit gepas is vir alle soorte interaktiewe ervarings.

[8] ’n Digitale weergawe van *Pynstiller* (Viljoen 2011a) is deel van die digitale katalogus van die *Oor die einders van die bladsy*-projek. Die uitleg is identies aan die fisiese boek en twee teenoor mekaar staande bladsye word saam vertoon.

[9] Whitlock e.a. (2006:407, 415) het vanuit die sielkunde navorsing onderneem oor adolessente se gebruik van aanlynboodskapborde m.b.t. selfbeseringsgedrag (*Virtual cutting edge: The internet and adolescent self-injury*). Die doel van die studie was om lig te werp op die rol wat boodskapborde speel in die verspreiding van inligting oor selfbeseringspraktyke en die beïnvloeding van selfhelp-gedrag. Meer as 400 selfbeseringsborde is in die studie geïdentifiseer; volgens aanduiding was die meeste gebruikers vroulik en tussen 12 en 20 jaar oud. Die bevindings van die navorsing toon dat aanlynwisselwerking noodsaaklike sosiale ondersteuning vir andersins geïsoleerde adolessente bied, maar ook selfbeseringsgedrag kan normaliseer en aanmoedig.

[10] Rekenaartablette is eers sedert 2011 algemeen in die handel in Suid-Afrika beskikbaar.

[11] Dit staan gebruikers van Yoza en enige lid van die publiek vry om tekste op hierdie platform volgens die Creative Commons-lisensievoorwaardes (Creative Commons Attribution Share Alike 2.5 South Africa licence) vrylik te kopieer, na te boots en te verander (“remix”) (*Yoza Manifesto* s.j.; *Creative Commons* 2012). Alhoewel hierdie moontlikheid bestaan, is daar nie tekens hiervan opgemerk nie, en word dit nie in die bespreking betrek nie.

[12] Die terugvoermeganismes van hierdie sosiale netwerk maak ook daarvoor voorsiening dat enige Facebook-leser/-gebruiker onaanvaarbare bydraes kan rapporteer. ’n Soortgelyke funksie geld op die mobisite-weergawe, waar gebruikers kommentaar selfmodereer deur ’n rapporteringskakel (“Report this”). As op die skakel geklik word, word die verdagte inhoud dadelik verwyder en in ’n modereringstou geplaas waar die administrateur dit kan kontroleer (Vosloo 2010b). Kommentaar van ’n gebruiker op Facebook verskyn onmiddellik (sinkronies); in die geval van Yoza mobi verskyn kommentaar wat op die webwerf gegee word, ’n paar minute later, terwyl die kommentaar via selfoon eers in ’n modereringstou wag (asinkronies).

[13] 5 Dec. 2010 9. Anonymous says:Lees die storie as ’n grafiese verhaal (of comic strip). Dit is gepubliseer as bladsye in ’n boek, en nie as hoofstukke nie – dis hoekom dit so kort is. As jy die volledige illustrasies wil sien, soek die Pynstiller-groep op Facebook. Lees meer oor ander mense wat ook ’n probleem het met selfskending, en hoe hulle dit hanteer het. *Pynstiller* se kortverhaalweergawe verskyn in die boek *Skree* van LAPA Uitgewers.

[14] Whitlock e.a. (2006) het in 2006 meer as 400 boodskapborde met selfbesering as fokus geïdentifiseer.

[15] Die transkripsie van SMS-taal na leesbare formate is deur Karien Badenhorst gedoen. Die transkripsie word in blokhakies geplaas waar dit nodig geag word.

[16] Op ’n vraag van Grobler (2009:6) oor die boodskap van *Pynstiller* op Facebook, antwoord Viljoen as volg: “Ek probeer gewoonlik nie boodskappe in my skryfwerk uitdra nie, veral nie vir tieners en jong volwassenes nie. Ek vertel net ’n storie en vestig mense se aandag op die probleem.”

[17] Na aanleiding van lesersreaksie en terugvoer op Kontax2 het die ontwikkelaars van die platform byvoorbeeld vyf sleutelstrategieë vir m4Lit ontwikkel, naamlik: ’n wyer inhoudsreeks en genres, verminderde tyd tussen storiebekendstellings, verminderde tyd vir die moderering van kommentaar, volgehoue uitnodiging van lesersdeelname en die plasing van verhale in ander tale as Engels (Vosloo 2010b).

[18] Die feit dat pryse vir kommentaar uitgeloof is, kon tot die positiewe terugvoer bygedra het (Vosloo 2010c).

[19] Wallace (1999:64) meen dat die gebrek aan fisiese teenwoordigheid in aanlynomgewings en die geleentheid om agter anonimiteit te skuil, die natuurlike geneigdheid tot konformiteit verswak.

[20] Whitlock e.a. (2006) identifiseer die volgende as die vyf dominantste tematiese kategorieë in die inhoude van boodskapborde oor selfbesering: Verskaffing van informele ondersteuning, motivering en snellers vir selfbesering, geheimhoudingsaangeleenthede, verslawende elemente, en formele soek na hulp en behandeling.

[21] Hierdie bydrae is die gevolg van ’n verkenningsgesprek tussen Fanie Viljoen en Esmé van Rensburg oor *Pynstiller* en die Facebook-groep en die moontlikhede van samewerking en navorsing.

[22] Ekstern-geborgde advertensieskakels wat voortdurend verander, verskyn outomaties aan die regterkant van alle Faceboek-bladsye. Hierdie hiperskakels is buite beheer van die profieleienaar of groepslede.

[23] Skakels van ’n meer permanente aard, soos dié wat op ’n tuisblad verskyn, word byvoorbeeld belangriker geag as binne persoonlike inskrywings (Page 2011:227). Die argitektuur van Facebook is sodanig dat advertensieskakels outomaties vertoon en daarom as onbelangrik beskou word.

[24] Dit is insiggewend dat Whitlock e.a. (2006:412) in hulle studie ook die verwysings na populêre kultuur as ’n dominante tematiese kategorie identifiseer.